



**'N OUERBEMAGTIGINGSPROGRAM TEN OPSIGTE VAN
DIE KOMMUNIKASIE VAN EMOSIES, GEBASEER OP DIE
EMOSIONELE INTELLIGENSIETEORIE, VIR OUERS MET
ADOLESENTE**

deur

DEBORAH J FOURIE

voorgelê ter gedeeltelike vervulling van die vereistes vir die graad

MAGISTER EDUCATIONIS

met spesialisering in Opvoedkundige Voorligting en Berading

aan die

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA

STUDIELEIER : PROF L.J. JACOBS

JANUARIE 2000





Hierdie studie word met liefde opgedra aan:

- my ouers, Piet en Dot Fourie
- my peetma, Louiza Jacobs
- die res van my groot familie



*Having a child is taking out your heart ,
putting arms and legs on it
and letting it go free.*

Onbekend

VERKLARING

Studentenommer: 9317481

Ek, die ondergetekende, verklaar hiermee dat

**'n Ouerbemagtigingsprogram ten opsigte van die
kommunikasie van emosies, gebaseer op die
emosionele intelligensieteorie, vir ouers met
adolessente**

my eie werk is en dat ek alle bronne wat ek aangehaal het, deur middel van
volledige verwysings erken het.

.....
Debbie Fourie:

.....
Datum:

DANKBETUIGINGS

In nederigheid wil ek my Skepper dank vir genadegawes soos hierdie.

Graag betuig ek my dank verder aan:

- My studieleier, professor. L.J Jacobs, vir sy raad en leiding.
- Dr. Linda Snyman vir die professionele hantering van die taalversorging.
- Aan Lelanie Rheeder vir die uitleg-en proefleeswerk.
- Aan die biblioteekpersoneel vir die ontsluiting van omvattende inligtingsbronne.
- Mammie en pappie vir u ondersteuning en onvoorwaardelike liefde.
- Aan my vriende en familie dat julle my situasie verstaan het en soveel ondersteuning verskaf het.
- 'n Spesiale woordjie van dank aan my sussie Odette wat die huishouding oorgeneem het.
- Aan my vriendinne, vennoot en kollega's vir julle aanmoediging, troos en tydige koffiebroke.

OPSOMMING

'n Ouerbemagtigingsprogram ten opsigte van die kommunikasie van emosies, gebaseer op die emosionele intelligensieteorie, vir ouers met adolessente

Deur:	Deborah J Fourie
Graad:	Magister Educationis met spesialisering in Opvoedkundige Voorligting en Berading
Departement:	Opvoedkundige Voorligting en Berading
Universiteit:	Universiteit van Pretoria
Studieleier:	Professor L.J. Jacobs

Hierdie studie is ontwerp om ouers te bemagtig om adolessente tot volwassenheid te begelei. Deurdat spesifieke riglyne ten opsigte van bepaalde vaardighede verskaf word, word gepoog om ouers toe te rus met die nodige vaardighede om hul adolessente te begelei. Daar word spesifiek gefokus op kommunikasie as subveld van lewensvaardighede, met besondere verwysing na die kommunikasie van emosies, soos gebaseer op die emosionele intelligensieteorie. Deur die fokus op die kommunikasie van emosies te plaas, word daar gepoog om die ouer-adolessent verhouding te ondersteun.

Tydens die literatuurondersoek, is gevind dat daar nie 'n geskikte program bestaan wat spesifieke behoeftes aanspreek nie. Gevolglik is dit goed gevind om 'n sodanige program te ontwerp. Alhoewel daar plek is vir die verbetering van die program, beskik dit tog oor die potensiaal om ouers en adolessente te ondersteun in die saamwees in hul gesitueerdheid, veral tydens die aanpassingsperiode. Die program is aanbeveelbaar as 'n werkwinkel vir ouers van adolessente.



SLEUTELWOORDE

leuensvaardighede

emosies

emosionele intelligensie

kommunikasie

emosionele kommunikasievaardighede

ouerskapvaardighede

ontwikkelingstake

adolessensie

gesinstake

opvoedkundige berading



SUMMARY

A parental programme to empower parents of adolescents with regard to communication of emotions based on emotional intelligence

By: Deborah J. Fourie
Degree: Magister Educationis with specialisation in Educational Guidance and Counselling
Department: Educational Guidance and Counselling
University: University of Pretoria
Supervisor: Professor L.J. Jacobs

This study is designed to enable parent to accompany adolescents on their way to adulthood. It supplies specific guidelines with regard to certain skills in an attempt to equip parents with the necessary skills to accompany their adolescents. Specific focus is placed on communication as a sub-field of life-skills, with particular reference to the communication of emotions as based on the emotional intelligence theory. Through highlighting the communication emotions, support of the relationship between adult and adolescent is attempted.

It was discovered during the literature study that there was no adequate program to address specific needs. It was subsequently considered a good idea to design such a program. Although there is room for improvement in this program, it does however have the potential to support parents and adolescents in their togetherness of their situation, especially during the period of adaptation. This program is recommended to be used as a workshop for parents of adolescents.

KEYWORDS

Life-skills
Parenting skills
Emotional communication skills
Emotions
Communication
Emotional intelligence
Adolescence
Developmental tasks
Family developmental tasks
Educational counselling



INHOUDSOPGAWE

HOOFSTUK 1

INLEIDENDE ORIËNTERING

		Bladsy
1.	INLEIDING	1
2.	WAARNEMING EN BEWUSWORDING VAN DIE PROBLEEM	3
3.	PROBLEEMSTELLING	4
4.	DOEL VAN DIE ONDERSOEK	5
4.1	Doelstellings	5
4.2	Doelwitte	6
5.	AFBAKENING VAN DIE TERREIN	6
6.	METODE VAN ONDERSOEK	7
7.	BEGRIPSVERHELDERING	7
7.1	Kommunikasie	8
7.2	Emosies	8
7.3	Emosionele intelligensie	9
7.4	Ontwikkelingstake	9
8.	BEPLANNING VAN DIE STUDIE	10
9.	TEN SLOTTE	11



HOOFSTUK 2

OUERSKAP, VAARDIGHEDE EN EMOSIONELE INTELLIGENSIE

1.	INLEIDING	12
2.	VAARDIGHEDE	13
3.	OUERSKAP EN VAARDIGHEDE	14
4.	LEWENSVAADIGHEDE	16
4.1	Kommunikasie	18
4.1.1	Vroeë navorsing oor kommunikasie	18
4.1.2	Kommunikasie: betekenis	19
5.	EMOSIES	21
5.1	Definisie van emosies	21
5.2	Emosionele intelligensie	22
5.2.1	Bewus wees van eie en ander se emosies	25
5.2.2	Regulering en hantering van emosies	27
5.2.3	Die vermoë om empatie te toon	29
5.3	Vaardighede ten opsigte van die kommunikasie van emosies	30
5.4	Ontwikkelingstake en emosionele intelligensie	32
6.1	Ter verduideliking van tabel	36
7.	SLOT	38

HOOFSTUK 3

ADOLESSENSIE AS ONTWIKKELINGSFASE

1.	INLEIDING	39
2.	ADOLESSENSIE	39
2.1	Omskrywing van adolessensie	40
2.2	Kenmerke van adolessensie	44
3.	ONTWIKKELINGSTAKE VAN DIE ADOLESSENT	46
4.	TABEL	49
5.	GESINSTAKE TEN OPSIGTE VAN DIE ADOLESSENT	64
5.1	Nie-pedagogiese gesinstake	65
5.2	Pedagogiese gesinstake	66
5.2.1	Opvoeding van die adolessent	68
6.	SAMEVATTEND	79

HOOFSTUK 4

NAVORSINGSONTWERP

1.	INLEIDING	80
2.	DOEL VAN DIE PROGRAM	80
3.	HIPOTESE	81
4.	STEEKPROEF	81
5.	PROGRAM	81
5.1	Ysbreker	82
5.2	Die werkwinkel	82
5.2.1	Eksplisiete doel	82
6.	AFDELING EEN	83
6.1	Implisiete doel	83
6.2	Hulpmiddels	84
6.3	Verloop van sessie	84
6.3.1	Oriëntering	84
6.3.2	Eksposisie	85
6.3.3	Funksionalisering	94
7.	AFDELING TWEE	95
7.1	Implisiete doel	95
7.2	Hulpmiddels	96
7.3	Verloop van sessie	96



7.3.1	Oriëntering	96
7.3.2	Eksposisie	101
7.3.3	Funksionalisering	104
8.	AFDELING DRIE	105
8.1	Implisiete doel	105
8.2	Verloop van sessie	105
8.2.1	Oriëntering	105
8.2.2	Eksposisie	106
8.2.3	Funksionalisering	108
8.2.4	Samevattend	111
9.	WERKSWYSE	112
10.	SAMEVATTEND	112



HOOFSTUK 5

EMPIRIESE NAVORSING

1.	INLEIDING	113
2.	BIOGRAFIESE INLIGTING OOR PROEFPERSONE	113
3.	VERLOOP EN UITKOMSTE	115
3.1	Verloop van sessie een	115
3.2	Verloop van sessie twee	119
3.3	Verloop van sessie drie	127
3.4	Opvolg geleenthede	130
5.	TEN SLOTTE	136

HOOFSTUK 6

SAMEVATTING EN BEVINDINGS

1.	INLEIDING	137
2.	BEVINDINGS VANUIT DIE LITERATUURSTUDIE	137
2.1	Ouerskap en vaardighede	138
2.2	Lewensvaardighede	139
2.3	Kommunikasie	139
2.4	Emosies	140
2.5	Emosionele intelligensie	141
2.6	Ontwikkelingstake en emosionele intelligensie	141
3	BEVINDINGS VANUIT DIE EMPIRIESE ONDERSOEK	142
3.1	Hipotese	142
3.1.1	Hipotese een	143
3.1.2	Hipotese twee	143
3.1.3	Hipotese drie	143
3.2	Bevindings vanuit die hipotese	143
4.	LEEMTES IN DIE ONDERSOEK	145
5.	AANBEVELINGS	146
6.	SLOT	147

VERWYSINGSLYS

148

OPGAWE VAN TABELLE

6.	KOMMUNIKASIE VAN EMOSIES GEBASEER OP EMOSIONELE INTELLIGENSIE	35
4.1	Ontwikkelingstake van die adolessent	50
5.2.2	Oorbrugging van die kommunikasiegaping	72
5.2.3	Hantering van tienerseksualiteit	73
5.2.4	Hantering van jeugprobleme	75
5.2.5	Hantering van buite invloede	76
5.2.6	Handhawing van 'n sentrale kern van etiese en morele waardes	77

OPGAWE VAN BYLAE

Bylaag i	86
Bylaag ii	87
Bylaag iii	88
Bylaag iv	89
Bylaag v	90
Bylaag vi	91
Bylaag vii	92
Bylaag A	93
Bylaag B	94
Bylaag C	97
Bylaag D	102
Bylaag E	109
Bylaag F	110
Bylaag A (Voltooid)	118
Bylaag B (Voltooid)	119
Bylaag C (Voltooid)	120
Bylaag D (Voltooid)	127
Bylaag E (Voltooid)	132
Bylaag F (Voltooid)	135

HOOFSTUK 1

INLEIDENDE ORIËNTERING

1. INLEIDING

A century ago families did not think of themselves as needing to be strengthened: indeed it was assumed that the family had the necessary strength to help its individual members. (Raath 1988:1)

Vandag blyk bostaande nie meer die geval te wees nie. Die ouer en die adolessent word onder hewige sosiale druk geplaas. Die samelewing se vereistes word al hoe hoër en die verandering in die samelewing is van so 'n aard dat die ouer en adolessent sukkel om daarmee tred te hou.

Adolessente ondergaan hewige fisiese en psigiese veranderinge binne 'n snel transformerende samelewing. Hulle neig om meer na die portuurgroep te beweeg en streef na onafhanklikheid. Ouers word volgens Damon (1995:161) meer en meer blootgestel aan die vereistes wat hul kinders aan hul bied, maar is terselfdertyd ook bekommerd dat hulle nie genoeg vir hul kinders doen nie. Die situasie ontstaan waar die ouer nie weet hoe om die adolessent te hanteer nie. Gevolglik ervaar die ouer emosionele druk. Beide partye (ouer en adolessent) weet nie hoe om op te tree nie. Die ouer is die volwassene en die adolessent is op die ouer aangewese vir hulp en leiding.

Hicks (1998:1) is van mening dat die meeste sielkundiges glo dat hulle, deur ouers op te lei om op 'n sekere manier op te tree, 'n invloed kan uitoefen op die manier waarop daardie ouers se kinders optree en reageer. Op dié manier kan bepaal

word hoe die kinders as volwassenes sal optree. Daarom moet daar nie net opleiding verskaf word aan kinders nie, maar ook sterk klem gelê word op die opleiding van ouers (Matz 1994:20).

Damon (1995:164) noem dat ouerskap in die twintigste eeu nie 'n maklike taak is nie. Ouerskap is 'n wye term en vereis verskeie vaardighede. Indien die ouer nie toegerus is met vaardighede om die eise van ouerskap te hanteer nie, mag dit problematiese momente tot gevolg hê.

Die ouer en adolessent funksioneer in twee verskillende, maar tog enersame leefwêreld. Konfliktsituasies kan ontstaan omdat die ouer en adolessent mekaar as gevolg van verskillende leefwêreld nie verstaan nie. Hierdie konfliktsituasies is gewoonlik emosioneel gelaai. Om hierdie emosionaliteit te verstaan, moet die emosies gekommunikeer word. Emosionele intelligensie is 'n relatiewe resente term wat die vaardighede omsluit wat nodig is vir die kommunikasie van emosies. 'n Emosioneel intelligente persoon beskik oor die vermoë om sy eie emosies en die van ander te identifiseer en te reguleer met die doel om sosiaal aanvaarbare gedrag tot gevolg te hê. Emosionele intelligensie as vaardigheid veronderstel ook dat beide partye betrokke by die kommunikasieproses as gelykes behandel word. Hawes (1996:115) noem dat ouers en adolessente mekaar as gelyk behoort te ontmoet met betrekking tot hul behoeftes. Dit behoort die kommunikasieproses te ondersteun en die konfliktsituasies te verminder. Emosionele intelligensie word in besonder in hoofstuk 2¹ bespreek.

'n Emosioneel intelligente ouer stel 'n voorbeeld vir sy of haar adolessent om sosiaal aanvaarbare gedrag te openbaar. Die adolessent behoort dus as eindresultaat suksesvol in die samelewing aan te pas en sosiaal verantwoordelike gedrag te toon.

¹ Vergelyk hoofstuk 2, afdeling 5.2

2. WAARNEMING EN BEWUSWORDING VAN DIE PROBLEEM

Uit die navorsers se ervaring van en bemoeienis met adolessente in die praktyk, kan met duidelikheid gesê word dat konfliktsituasies tussen ouers en adolessente dikwels ontstaan.

Adolessente se negatiewe houdinge en gedrag ten op sigte van die betekenisvolle volwassene in hul gesitueerdheid het verskeie kere in die navorsers se praktyk as die aanmeldingsprobleem gefigureer. Die opvatting dat die verhouding tussen ouer en adolessent met konflik belaaï is, is 'n tradisionele siening wat deur die navorsers bevestig word. Die navorsers se waarneming dui eerder daarop dat adolessente en ouers *verskillende beskouinge* inneem ten opsigte van die begeleiding van die adolessent. Die adolessent ervaar byvoorbeeld dat sy of haar ouer hom of haar nie verstaan nie en hom of haar as kind (eerder as vroeë volwassene) wil begelei. Hierteenoor ervaar ouers hulself as ontoereikend. 'n Ouer het byvoorbeeld direk aan die navorsers gemeld dat sy haarself as 'n *slegte* ouer ervaar, juis omdat sy nie weet wat presies van haar verwag word tydens die begeleidingsproses nie.

Die verskillende beskouinge van adolessente en volwassenes lei tot konfliktsituasies wat deur die navorsers aan kommunikasiegapings toegeskryf kan word. Wanneer beide partye bewus is van die ander se beweegredes, behoort konfliktsituasies nie te ontstaan nie.

Die gesin is die primêre opvoedingsituasie en volgens Goleman (1996:189) ook die eerste leerskool vir emosies. Kommunikasiegapings bestaan as gevolg van generasiegapings binne die gesin. Die navorsers het gevind dat die ouer en adolessente effektiewe begeleiding nodig het om die emosies te kommunikeer ten einde 'n toereikende ouer-adolessent verhouding tot gevolg te hê.

Damon (1995:163) beklemtoon ouer-kind kommunikasie en noem dat die ouer sy gevoelens moet verbaliseer en sy vertrouwe en respek by die kind moet verdien en ook omgekeerd.

Wanneer die ouers, volgens Damon (1995:176), hul behoeftes aan die adolessent kommunikeer, sal dit koöperatiewe gedrag by die adolessent tot gevolg hê, wat bydraend kan wees tot die adolessent se sosiale verantwoordelikheid.

Hawes (1996:116) noem ook dat indien die ouers hul beweegredes kommunikeer, die adolessent 'n gevoel van vryheid ervaar en voel dat hy as gelyke behandel word. Volgens Goleman (1996:186) is die bewus wees van eie en ander se emosies en die vermoë om empatie te toon, 'n onderbou vir die hantering en kommunikasie daarvan. Hierdie vaardighede word omsluit deur 'n resente term, naamlik *emosionele intelligensie*. Emosionele intelligensie word in die besonder in hoofstuk 2² beskryf. Emosionele intelligensie veronderstel dat die ouer-adolessent verhouding minder konflik belaaï behoort te wees. Tesame met die kennis van die ouer ten opsigte van die ontwikkelingstake van die adolessent, behoort die ouer tot insig te kom oor die optrede en gedrag van die adolessent.

3. PROBLEEMSTELLING

Die probleem in die praktyk is dat die ouers nie oor vaardighede beskik om hul behoeftes en emosies te kommunikeer nie. Die ouers dra ook nie kennis van die noodsaaklike veranderinge wat die adolessent moet ondergaan in die spesifieke ontwikkelingsfase nie. Daarom word dit as noodsaaklik beskou om 'n program te ontwerp wat die ouer kan bemagtig om sy emosies aan die adolessent te kommunikeer.

² Vergelyk hoofstuk 2, afdeling 5.2

4. DOEL VAN DIE ONDERSOEK

Die hoofdoel van die ondersoek is om die ouer te bemagtig ten opsigte van die kommunikasie van emosies met die adolessent om daardeur die adolessent te begelei tot sosiaal aanvaarbare gedrag.

Hierdie vaardigheid sal as ouerskapvaardigheid geïmplementeer word ten einde die adolessent te begelei tot die suksesvolle aanpassing in die samelewing.

4.1 Doelstellings

- Om die ouers bewus te maak van hul eie gevoelens sodat hulle dit intrapersonlik kan kommunikeer met die doel om hul emosies te identifiseer en in 'n gegewe situasie te benoem.
- Om die ouer bewus te maak van ander se emosies en hul toe te rus met interpersoonlike kommunikasievaardighede met die doel om empatie te toon teenoor ander.
- Om die ouer tot insig te lei dat die kommunikasie van emosies ook die kommunikasie van ander momente soos sosiaal aanvaarbare gedrag en normatiewe momente tot gevolg het.
- Om die ouer te begelei tot 'n aanvaarbare manier om emosies uit te druk.
- Om die ouer se kennis uit te brei aangaande die ontwikkelingstake van die adolessent sodat die ouer insig sal toon ten aansien daarvan met die oog op toereikende begeleiding van die adolessent tot suksesvolle volwassenes.

4.2 Doelwitte

- Om deur middel van die literatuurstudie uitgangspunte aangaande emosies en kommunikasie as subveld van lewensvaardighede teen die agtergrond van emosionele intelligensie te identifiseer.
- Om vir die ouer lig te werp op die ontwikkelingstake van die adolessent.
- Om deur middel van 'n werkswinkel praktiese riglyne aan ouers te verskaf aangaande die kommunikasie van emosies gebaseer op die emosionele intelligensieteorie.

5. AFBAKENING VAN DIE TERREIN

Die hoofbegrippe wat in hierdie navorsing sentraal staan is:

- emosies
- kommunikasie
- emosionele intelligensie
- ontwikkelingstake

Bogenoemde begrippe sal later in die afdeling oor begripsverklaring van nader beskou word. Omdat die begrippe so omvattend van aard is, word die kommunikasie as subveld van lewensvaardighede en in die lig van emosionele intelligensie beskou. Die kommunikasie van emosies word dus in 'n paradigma geplaas waaroor daar nog nie veel navorsing gedoen is nie.

Wanneer daar verder in die navorsingsverslag verwys word na die term *kind* of *adolessent*, word daar verwys na die adolessent in die algemeen. Daar word ook in die algemeen verwys na albei geslagte deur gebruik te maak van persoonlike voornaamwoorde hy en sy. As verwysingsmetode word gebruik gemaak van die Harvard-tegniek.

6. METODE VAN ONDERSOEK

'n Literatuurstudie sal onderneem word om te bepaal watter inligting oor die kommunikasie van emosies in die lig van emosionele intelligensie beskikbaar is. Die ondersoek geskied hoofsaaklik op die terreine van:

- Opvoedkunde
- Sielkunde
- Opvoedkundige Sielkunde
- Maatskaplike werk

Hierdie inligting sal verwerk word en daar sal bepaal word hoe dit in diens van mekaar staan, en ook in hoe 'n mate die kommunikasie van emosies die ontwikkeling van die adolessent ondersteun.

Na afloop van die literatuurstudie sal die bestaande kommunikasievaardighede en literatuur oor emosies en emosionele intelligensie verwerk word tot praktiese riglyne (in die vorm van 'n werkswinkel) aan die ouer van die adolessent, om hom sodoende te bemagtig om die adolessent toereikend te begelei tot volwassenheid.

7. BEGRIPSVERHELDING

Die volgende hoofbegrippe word vervolgens kortliks toegelig. Hierdie begrippe sal meer vollediger omskryf word in hoofstukke 2 en 3:

- emosies
- kommunikasie
- emosionele intelligensie
- ontwikkelingstake

7.1 Kommunikasie

Kommunikasie word in hoofstuk 2³ volledig as subveld van lewensvaardighede bespreek. Lewensvaardighede word as medium geïmplementeer tydens die begeleiding van die adolessent na volwassenheid.

Outentieke kommunikasie is wanneer die ontvanger van die boodskap dit interpreteer ooreenkomsig die wyse waarop die afsender daarvan dit bedoel het (Pretorius1998:189).

Kommunikasie geskied interpersoonlik sowel as intrapersoonlik en kommunikasie kan verbaal of nie-verbaal plaasvind. Emosies word interpersoonlik ervaar en moet gekommunikeer word, hetsy verbaal of nie-verbaal. Kommunikasievaardighede is dus nodig tydens die kommunikasie van emosies.

7.2 Emosies

Strydom (1999:11) beskryf emosies as die reaksies op 'n gebeurtenis in die omgewing wat geëvalueer word deur 'n aktiewe kognitief-fisiologiese-gedragsstelsel wat uniek is vir elke individu. Die term *emosies* word in hoofstuk 2⁴ in die besonder bespreek. Emosies word in die navorsing beskou as die gevoelens wat 'n persoon beleef in sy alledaagse gesitueerdheid. Die emosies word ervaar op reaksie van die gedrag van ander. Emosies is universeel van aard en word daaglik beleef. Daar is egter 'n verskeidenheid van emosies wat in verskillende situasies ervaar word.

³ Vergelyk hoofstuk 2, afdeling 4.1

⁴ Vergelyk hoofstuk 2, afdeling 2.5

Beide die ouer en die adolessent ervaar emosies in 'n gegewe situasie, maar elk ervaar sy eie unieke belewing en die gepaardgaande emosies. Hierdie emosies mag 'n bydraende faktor wees in die kommunikasieproses, wat soms met konflik belaaï is. Daarom is dit belangrik om die emosies te kommunikeer.

7.3 Emosionele intelligensie

Salovey en Mayer (1990:185) verwys na emosionele intelligensie as 'n aantal vaardighede wat nodig is vir akkurate identifisering en uitdrukking van eie emosies en ook dié van ander, die effektiewe regulering van emosies in die self en ook in ander en die implementering van emosies om te motiveer, te beplan en doel te bereik. Betekenisvolle terme soos beminlikheid, respek en selfvertroue ressorteer onder die term. Hierdie kwaliteite dra by tot sosiaal aanvaarbare gedrag. Om emosies te identifiseer en te benoem verg inter-en intrapersoonlike kommunikasievaardighede. Die emosionele intelligensieteorie word dus as riglyn gebruik vir die kommunikasie van emosies.

7.4 Ontwikkelingstake

Volgens Havighurst (1972) stel elke ontwikkelingsfase nuwe *take* aan die individu bekend (vaardighede, houdinge, begrypinge, prestasie) wat hy moet vervul voordat hy na 'n hoër ontwikkelingsvlak kan beweeg (Pretorius 1994b :67).

Die ouer moet beseef dat adolessensie universeel van aard is en dat die veranderinge noodsaaklik is vir verdere groei en ontwikkeling. Die identifisering van ontwikkelingstake tydens adolessensie bied belangrike insigte, enersyds ten opsigte van die adolessent in wat hy moet doen om

volwassenheid te bereik en andersyds ten opsigte van die opvoeder wat die adolessent tot volwassenheid moet lei. Dit is nodig dat die ouer bewus moet wees van die ontwikkelingstake van die adolessent, sodat hy die adolessent sal verstaan en begrip sal toon vir die adolessent se gesitueerdheid.

8. BEPLANNING VAN DIE STUDIE

Daar sal eerstens 'n literatuurstudie onderneem word om vas te stel wat reeds oor die kommunikasie van emosie aangeteken is. Die konstruk sal eklekties benader word en daar sal gepoog word om 'n voorstelling te maak van praktiese riglyne aan die ouer van die adolessent ten opsigte van die kommunikasie van emosies. Die kommunikasie van emosies word as subveld van lewensvaardighede bespreek en word gegrond op die emosionele intelligensieteorie.

Adolessensie as ontwikkelingsfase word in diepte bespreek met die doel om die gesitueerdheid van die adolessent aan die ouer te belig, sodat die ouer die adolessent in sy gesitueerdheid sal verstaan. Die gesinstake word ook breedvoerig uiteengesit omrede die gesinstak en ontwikkelingstak mekaar komplementeer.

Die program word in die vorm van die werkswinkel ontwerp. Daar wil gepoog word om die ouer tot insig te bring dat sy probleme in die konflik belaaide verhouding met sy adolessent, uniek maar ook universeel van aard is. Die ouer moet dus deur middel van eksplorاسie self tot insig kom ten opsigte van die vaardighede wat nodig is tydens die kommunikasie van emosies.

Hiernaas volg 'n kort uiteensetting van die literatuurstudie:

- Hoofstuk 2: Ouerskap, vaardighede en opvoeding
- Hoofstuk 3: Adolessensie as ontwikkelingsfase
- Hoofstuk 4: Navorsingsontwerp
- Hoofstuk 5: Empiriese navorsing
- Hoofstuk 6: Samevatting en bevinding

9. TEN SLOTTE

In hierdie hoofstuk is 'n breedvoerige agtergrond geskep oor die onderwerp. Die beplanning van die navorsingsontwerp is uiteengesit en breedvoerige uiteensetting van die hoofterme is verskaf.

In die volgende hoofstuk word die omvangryke onderwerp van die kommunikasie van emosies behandel.

HOOFSTUK 2

OUERSKAP; VAARDIGHEDE EN EMOSIONELE INTELLIGENSIE

1. INLEIDING

Opvoeding is volgens Ferreira (1994:24) 'n eg menslike verskynsel in die leefwêreld tussen volwassenes en kinders wat in reekse opvoeding-situasies openbaar word.

Du Toit en Kruger (1991:5) is dit eens dat opvoeding verwys na die hulp, steun en begeleiding wat 'n volwassene aan 'n kind verleen, om hom te help om 'n volwassene te kan word. Ferreira (1994:24) is van mening dat die opvoedingsverskynsel 'n *intermenslike gebeurtenis* binne die situasie is.

Die feit dat die kind as ontwikkelende persoon steeds self *iemand* wil wees, beteken volgens Van Niekerk (1986:38), nie dat hy weet *hoe* en *wat* hy wil word nie. Dit is 'n ontisiteit dat hy op opvoeding aangewese is.

Van Niekerk (1986:39) is van mening dat opvoeding 'n primêre persoonlike verhoudingsaangeleentheid is wat konkreet gestalte kry langs gevoelsmatige en verstandelike weë. Hy noem verder dat die kind in sy betekening van die meervoudige gestruktureerde wêreld ruimtelik, temporeel, formeel, sosiaal, ensovoort inhoudelik sy ervaringswêreld verbreed, terwyl die wêreld ook vir hom formeel-funksionele betekenis kry.

Volgens Van Niekerk (1986:25) staan die opvoeder en kind deur middel van handeling met mekaar in die volgende opvoedingsverhoudinge: vertrouens, -

gesag- en begripsverhouding. Die volwassene stel sy eie persoonsopenbaring in hierdie verhoudinge teenwoordig en skep 'n klimaat wat die kind se persoonsvoltrekking kan bevorder of demp. Daar is dus sprake van funksionele gebeure wat in die besonder heenwys na die effek van albei partye se handeling op die kind se gevoels- verstands- en normatiewe betekenisgewing.

Samevattend kan gesê word dat die kind aangewese is op die hulp en begeleiding van 'n volwassene. Hierdie opvoeding veronderstel handeling wat vergestalt word in funksionele gebeure binne die opvoedingsverhouding. Dié funksionele gebeure veronderstel weer vaardighede wat die ouers kan inkorporeer tydens die opvoedings-aangeleentheid (ouerskapvaardighede).

2. VAARDIGHEDE

Die einddoel van opvoeding is suksesvolle aanpassing in die samelewing. Om suksesvol in die samelewing te kan funksioneer word vaardighede vereis. Hierdie vaardighede word geïnkorporeer in die ervaringsbesit wat die kind in sy weg na volwassenheid opdoen. Die volwassene wat die kind na volwassenheid begelei behoort dus ook oor vaardighede te beskik.

Die betekenis van die woord *vaardigheid* hou volgens Nelson-Jones (1991:11) die volgende in: *kundigheid, bevoegdheid en bedrewendheid*.

Gove 1981, (Jetto 1997:3) verduidelik die term aan die hand van die *Webster's Dictionary* soos volg: die kennis van die betekenis of metode om 'n opdrag te voltooi; die vermoë om kennis effektief te implementeer tydens die uitvoering van 'n taak; aangeleerde of ontwikkelde aanleg of vermoë; aangeleerde bemagtiging om 'n taak met bevoegdheid uit te voer. Volgens Nelson-Jones (1991:11), is 'n vaardigheid in wese die vermoë om keuses uit te oefen en dit in sekere volgorde te implementeer om 'n vooropgestelde doel te bereik.

Vanuit bogenoemde kan die volgende stelling gemaak word: indien die opvoeding doelmatig van aard is en vaardighede in wese geïmplementeer word om 'n vooropgestelde doel te bereik, kan die ouer gebruik maak van ouerskapvaardighede om die opvoedingsdoel te bereik. Die ouer kan met ander woorde van vaardighede gebruik maak tydens die opvoedings-aangeleentheid om die kind, (in hierdie geval die adolessent), tot volwassenheid te begelei.

3. OUERSKAP EN VAARDIGHEDE

Damon (1995:171) meld dat Theodore Dix die volgende drie kategorieë van ouerskap benoem:

- empatieke ouerskap
- sosialisering —georiënteerde ouerskap
- doelgerigte ouerskap

Ouers wat empatiek ingestel is fokus op die kind se gevoelens. Doelwitte in hierdie verband staan in diens van kommunikasie en sosialisering tussen ouer en kind (Damon 1995:174). Hierdie doelwit van ouerskap veronderstel nie dat die ouer sal meedoen soos wat die kind dit wil nie, maar dui eerder op die ouer se bewuswees van en reaksie op die kind. Deurdadig dat die kind aanvaarding en responsie vanaf die ouer beleef, neig hy tot ope kommunikasie met die ouer.

Empatieke ingesteldheid van die ouer lei volgens Damon (1991:174) tot die volgende:

- versterking van die vertrouensverhouding (die kind aanvaar die insae van die ouer)
- vermindering van die moontlikheid van konflik tussen ouer en kind
- ontwikkeling van toereikende sosialiseringvaardighede

- verbetering van kommunikasievaardighede (wat ook sosiale verhoudings in die algemeen verbeter)
- die kind ervaar dat hy in staat is om doelwitte te bereik wat by hom 'n gevoel van kontrole en beheer verskaf (kind en ouer bereik gesamentlike doelwitte)
- aanmoediging van die aanleer van ander vaardighede by die kind (hy toon insig in daardie vaardighede wat vir hom sosiaal voordelig is).

Die sosialisering-georiënteerde ouerskapvaardigheid, asook doelgerigte ouerskapvaardigheid word slegs kortliks aangeraak, aangesien die fokus van die studie op empatieke ouerskap sal val. Ouers wat sosialisierend ingestel is, fokus op die kind se leer en ontwikkeling. Dit sluit in kennis en vaardighede wat sosiaal aanvaarbare gedrag tot gevolg het. Ten opsigte van doelgerigte ouerskapvaardighede, noem Damon (1991:175) dat dié doelwitte eie is aan die ouer en tot voordeel van die ouer self strek. Bogenoemde drie vaardighede moet egter in ewewigtige verhouding staan om ontoereikende opvoeding uit te skakel.

Ouerskap is volgens Hicks (1998:1) die volle verantwoordelikheid wat die ouer teenoor die kind opneem, totdat daardie kind volwassenheid bereik. Een van die belangrikste ouerskapvaardighede is volgens Elias et al. (1999:25) om die kind te begelei na sosiaalvaardige en emosioneelwelgestelde volwassenheid. Ouerskapvaardighede is (eweneens opvoeding) daarop gerig om die adolessent tot sosiaal aanvaarbare gedrag te begelei. Sosialisering en kommunikasie staan soos reeds genoem, in diens van ouerskap en opvoeding. Indien suksesvolle aanpassing in die samelewing en emosionele welgesteldheid van die adolessent as 'n opvoedingsdoel gesien word en kommunikasie in diens van sodanige opvoeding staan, kan die kommunikasie van emosies as vaardigheid deur die ouer geïmplementeer word.

Die doel van hierdie navorsing is om die ouer te bemagtig om die adolessent lewensvaardig op te voed, met spesifieke verwysing na die kommunikasie van emosies, gebaseer op emosionele intelligensie. Daar is reeds genoem dat die ouer van vaardighede gebruik maak om die adolessent te begelei na volwassenheid.

Die adolessent moet dus met lewensvaardighede toegerus word. Aangesien kommunikasie 'n subveld van lewensvaardighede is, word lewensvaardighede vervolgens in die besonder bestudeer.

4. LEWENSWAARDIGHEDE

Lewensvaardighede is volgens Nelson-Jones (1991:13) die persoonlike verantwoordbare opeenvolging van keuse in spesifieke psigologiese areas wat bevorderlik is vir die individu se welstand. 'n Persoon benodig egter 'n aantal lewensvaardighede wat in ooreenstemming staan met sy ontwikkelingstake en spesifieke lewensprobleme.

Kruger (1998:17) noem dat 'n lewensvaardige persoon oor die kennis, vaardighede, waardes en houdings beskik wat nodig is vir 'n betekenisvolle bestaan.

Louw (1993:117) beskou lewensvaardighede as daardie vaardighede en vermoëns wat 'n persoon benodig om sy lewe in stand te hou en terselfdertyd ook te verryk. Dit verwys na die gedrag-gebaseerde psigologiese leerwording wat 'n persoon benodig om voorspelbare ontwikkelingstake te hanteer.

Gedurende die ontwikkeling van die mens is 'n aantal lewensvaardighede nodig wat volgens Jetto (1997:5), gedurig aangepas behoort te word. Suksesvolle aanpassing van die individu bring mee dat die persoon sy lewensuitdagings suksesvol sal kan hanteer.

'n Lewensvaardige persoon maak dus verantwoordelike keuses op grond van aangeleerde kennis tydens die wordingsproses. Dit hang saam met sy aanpassing by sy milieu, wat meebring dat hy in totaliteit suksesvol kan funksioneer in sy gesitueerdheid. Die aanleer van lewensvaardighede is fundamenteel in die bemagtiging van 'n persoon om 'n betekenisvolle lewe te lei binne 'n snel veranderende samelewing.

Dispuut heers tans oor die korrekte gebruik van die term *lewensvaardighede* of *lewensoriëntering*. Aangesien die klem van hierdie studie op *ouerskapvaardighede* val, sal die term *lewensvaardighede* gebruik word. Die terme *ouerskapvaardighede* en *lewensvaardighede* komplementeer mekaar ten opsigte van woordsamestelling.

Lewensvaardigheid is 'n sambreelterm. Vele programme is ontwikkel met 'n groot verskeidenheid uiteensettings van subvelde van die lewensvaardighedsprogram. Gazda en Brocks (1985:3) onderskei in hul ondersoek *Foundations of Counselling and Human Services*, 300 lewensvaardighede in 'n taksonomie van 4 generiese kategorieë, naamlik:

- interpersoonlike kommunikasie en verhoudinge
- algemene fisiese en psigiese welstand
- identiteitsontwikkeling
- probleemoplossing en besluitneming

Schinke en Gilchrist (1984:186) verdeel lewensvaardighede soos volg onder die volgende subvelde:

- interpersoonlike verhoudinge
- hantering van seksualiteit
- stresshantering
- voorbereiding vir beroep
- ontwikkeling van sosiale verantwoordelikheid

Kruger (1998) verskaf ten opsigte van lewensvaardighede 'n modale uiteensetting van Kurrikulum 2005, wat soos volg daaruit sien:

- selfkennis
- selfkonsep
- verhoudingsvaardighede
- sensitiwiteit ten opsigte van eie en ander se lewens-en-wêreldbeskouing
- menseregte

- probleemoplossingstrategieë
- besluitnemingsvaardighede
- beroepsverkenning
- gesonde en gebalanseerde leefstyl
- die belangrikheid en genot van effektiewe menslike beweging en ontwikkeling

Slegs enkele subvelde is genoem, omrede die wye verskeidenheid daarvan. Die omvattenheid van die subvelde mag wel verbind word met die feit dat lewensvaardighede geïnkorporeer word in die holistiese ontvouing van die mens in totaliteit.

Om die parameters van hierdie studie vas te lê, word daar op kommunikasievaardighede gefokus, veral ten opsigte van die kommunikasie van *emosies* tussen ouer en adolessent.

4.1 Kommunikasie

Die doel en betekenis van kommunikasie word vervolgens bespreek:

4.1.1 Vroeë navorsing oor kommunikasie

Leo (1987:23) noem dat navorsing oor kommunikasie voor 1970 gefokus het op *goeie* kommunikasie in die algemeen. Vroeë navorsing het gefokus op die familie-interaksie waar die strukturele aspekte aandag geniet het bo dié van inhoudelike kommunikatiewe aspekte.

Teen 1961 het Gibb 'n paradigmaskuif meegebring met sy fokus op die inhoud van kommunikasie, eerder as op strukturele aspekte. Gibb het ook interaksionele groepe begin bestudeer. Navorsers soos Patterson, Reid en Alexander het op Gibb se navorsing voortgebou. In

1983 begin die navorsing klem lê op vaardighede wat nodig is vir kommunikasie. Volgens Leo (1987:45) was daar vroeër 'n onderliggende aanname dat die verhouding tussen die ouer en die adolessent met konflik gelaai en gespanne was. Waar navorsing vroeër op die konflikverhouding tussen ouer en adolessent gefokus het en kommunikasievaardighede gebruik is om konflik op te los, verskuif navorsers soos Leo, Goleman en Elias et.al. die fokus na 'n toereikende ouer-adolessent verhouding.

Vele navorsers het sedertdien definisies van kommunikasie gekonstrueer en uiteensettings verskaf van wat kommunikasievaardighede skyn te wees. Resente uiteensettings en definisies van kommunikasie en kommunikasievaardighede word vervolgens bespreek.

4.1.2 Kommunikasie: betekenis

Outentieke kommunikasie is volgens Pretorius (1998:189) wanneer die ontvanger van 'n boodskap dit interpreteer ooreenkomstig die wyse waarop die afsender dit bedoel het.

Pretorius (1998:189) noem dat die kind slegs deur middel van kommunikasie met sy medemens selfaktualisering kan bereik, sy sosiaal-kommunikatiewe moontlikhede kan verwerklik en 'n selfkonsep vorm. Goleman (1996:194) is van mening dat die mens se wil en vermoë hom rig tot die mededeling van idees, gevoelens en konsepte. Hierdie wil om homself te verbaliseer vereis dat die persoon die mededeler moet kan vertrou en dat hy genot sal put uit die samesyn.

Marais (1987:158) verwys na interpersoonlike kommunikasie en intrapersoonlike kommunikasie. Intrapersoonlike kommunikasie kan omskryf word as die kommunikasie van 'n individu met homself wat vorme van denke en innerlike *gesprekvoering* met die *self* omvat.

Die kodering en dekodeering van sintuiglike informasie hang volgens Marais (1987:158) ten nouste saam met intrapersoonlike kommunikasie, aangesien die mens emosioneel self met sy individuele gewoontes by alle vorme van kommunikasie betrokke is.

By intermenslike kommunikasie is volgens Pretorius (1998:189) nie slegs die verbale boodskap van belang nie, maar ook die nie-verbale boodskap, gekommunikeer deur liggaamshouding, gebare, stemtoon, gesigsuitdrukking, faktore van die situasiebodskap, ensovoort. Emosies word volgens Goleman (1996:96) selde verwoord, maar eerder op 'n ander manier uitgedruk, soos hierbo genoem. Net soos wat woorde *denke* verwoord, so verwoord nie-verbale kommunikasie *gevoelens* (Goleman 1996:96). Goleman (1996:97) is van mening dat indien 'n persoon oor die vermoë beskik om die nie-verbale kommunikatiewe momente te lees, daardie persoon emosioneel meer aangepas is en ook sensitiwiteit toon, wat hom meer populêr maak in die sosiale konteks.

Samevattend kan die volgende kortliks oor kommunikasie genoem word ten einde die parameters van die studie vas te lê:

- kommunikasie geskied interpersoonlik sowel as intrapersoonlik
- kommunikasie kan verbaal of nie-verbaal plaasvind.

In die voorgaande bespreking is kommunikasie as subveld van lewensvaardighede en as komponent van die titel uiteengesit. Daar kan nou oorgegaan word na die bestudering van emosies.

5. EMOSIES

Definisies van emosies sien as volg daarna uit.

5.1 Definisie van emosies

Salovey en Mayer (1990: 185) is van mening dat emosies ontstaan as 'n reaksie op gebeurtenis. Hierdie gebeurtenis (hetsy intern of ekstern) het 'n positiewe of negatiewe betekenis vir die individu.

Strydom (1999:10) verwys na Oatley en Jenkins (1996), wat emosies soos volg uiteensit:

Wanneer 'n persoon 'n gebeurtenis as van belang evalueer ten opsigte van 'n saak of prioriteit, word 'n emosie veroorsaak. Hierdie emosie sal as positief beleef word indien dit die saak bevoordeel en as negatief beleef word indien dit die saak benadeel.

- Emosie veronderstel beplanning en 'n gereedheid om oor te gaan tot 'n handeling. 'n Gevoel van dringendheid om op te tree word beleef. Ander kognitiewe prosesse kan dié dringendheid onderbreek of daarmee kompeteer.
- Emosies word beskou as 'n eiesoortige kognitiewe staat en gaan gepaard met liggaamsveranderings, -uitdrukkings en -aksies.

Strydom (1999:11) beskryf emosies as reaksies op gebeurtenisse in die omgewing wat geëvalueer word deur 'n aktiewe kognitief-fisiologiese-gedragsstelsel wat uniek is aan elke individu. Indien die kind, volgens Strydom (1999:12), nie toegerus word om hierdie evaluering-sistelsel na wense te ontwikkel nie, kan stormagtige jare tydens adolessensie verwag word. Sy is van mening dat die adolessent weens liggaams-en omgewingsveranderinge ook probleme ondervind om verandering en interpersoonlike probleme te hanteer.

Strydom (1999:12) noem verder dat indien die adolessent 'n situasie verkeerd opsom of interpreteer, sy reaksie daarop moontlik onvanpas sal wees en intra- en interpersoonlike problematiek kan ontstaan.

Salovey en Mayer (1990:186) is van mening dat emosies aanpasbaar is en transformasie in persoonlike en sosiale interaksie verrykende ervaring tot gevolg kan hê.

In die literatuur word daar verwys na die emosionele vaardighede as emosionele intelligensie. Vervolgens sal emosionele intelligensie van nader beskou word.

5.2 Emosionele intelligensie

Shapiro (1998:5) wys daarop dat die term *emosionele intelligensie* in 1990 vir die eerste keer gebruik is deur die sielkundiges Peter Salovey (Universiteit van Havard) en John Mayer (Universiteit van New Hampshire). Die term is gebruik om emosionele kwaliteite wat nodig was vir sukses te beskryf. Emosionele kwaliteite word soos volg deur Shapiro (ibid) uiteengesit:

- empatie
- uitdrukking en verstaan van gevoelens
- selfbeheer
- onafhanklikheid
- aanpasbaarheid
- deursettingsvermoë
- die vermoë om interpersoonlike probleme op te los
- vriendelikheid
- respek
- minzaamheid
- beminlik

Salovey en Mayer (1990:189) definieer emosionele intelligensie as die vermoë om eie emosies en dié van ander te monitor en om te kan diskrimineer tussen emosies sodat dit geïmplementeer kan word in eie denke en optrede. Bogenoemde outeurs postuleer dat lewensake en kognitiewe take deur die affektiewe informasie onderbou word, maar hulle erken ook dat elke individu uniek is. Sy of haar vaardighede sal dus ook uniek wees.

Goleman (1996:3-13) bou voort op Salovey en Mayer en definieer emosionele intelligensie kortliks soos volg; die vermoë van 'n persoon om homself te reguleer en met ander oor die weg te kom. Hy fokus veral op selfbewustheid, 'n vermoë wat die ontleding en evaluering van die self moontlik maak. Goleman (1996:268) konstrueer die volgende drie komponente van emosionele intelligensie:

- Selfbewustheid:
 - erkenning van eie emosies en benaming daarvan
 - erkenning van die verbintenis tussen denke, gevoelens en gedrag
 - selfbeskouing ten opsigte van goeie en swak eienskappe
- Hantering van emosies:
 - bewustheid van ander se emosies wat hul gedrag mag rig
 - ontwikkeling van vaardighede om hul emosies te hanteer
 - besluitneming en gepaardgaande verantwoordelikhede
- Die vermoë om empatie te toon.
 - begryp ander se gevoelens
 - neem ander se perspektiewe in ag

Die term, emosionele intelligensie, mag dalk verwarring skep dat die konsep meetbaar is, dit is nie die geval nie. Alhoewel emosionele intelligensie nie meetbaar is nie, is dit wel betekenisvol (Shapiro 1998:10). Kwaliteite soos beminlikheid, respek vir ander en selfvertroue, kan nie gemeet word nie, maar kan wel erken word in die gedrag van mense. Hierdie kwaliteite is bydraend tot die sosiale aanpasbaarheid en sukses in die sosiale situasie. Emosionele intelligensie is minder geneties bepalend as die kognitiewe intelligensie kwosient. Om dié rede word daar geleentheid geskep vir ouers en opvoeders om die kinders, in die geval adolessente, met vaardighede toe te rus, om sosiaal suksesvol te funksioneer.

Salovey en Mayer (1990:185) verwys na emosionele intelligensie as 'n aantal vaardighede wat nodig is vir akkurate identifisering en uitdrukking van eie emosies en ook dié van ander. Die effektiewe regulering van emosies in die self en ook in ander en die implementering van emosies om te motiveer, beplan en doel te bereik.

Indien emosionele intelligensie die akkurate identifisering en regulering van emosies is, vereis dit van die persoon kommunikasievaardighede.

Samevattend kan die kommunikasie van emosies soos volg uiteengesit word:

- bewus wees van eie en ander se emosies
- regulering en hantering van emosies
- die vermoë om empatie te toon

Vervolgens gaan die drie essensies van emosionele intelligensie en die kommunikasievaardighede wat nodig is vir die vaardigheid, uiteengesit word.

5.2.1 Bewus wees van eie en ander se emosies

Buck (1984:46) maak die volgende stelling: *Awareness of one's own emotional state can be seen to be useful in the regulation and coordination of one's behavior, just as the communication of emotional information is useful in the regulation and coordination of social behavior.*

Salovey en Mayer (1990:189) noem dat die individu bewus moet wees van eie emosies. Hierdie vermoë sluit onder meer in om tussen emosies te differensieer en om dié emosies te benoem, verder noem hulle dat emosies in simboliese kodes vevat behoort te word, om die vasgelegde emosies te gebruik tydens die verstaan en interpretasie van gedrag.

Om op die affektiewe domein toereikend te funksioneer, volgens Goleman (1996:268) behoort die individu bewus te wees van sy eie emosies soos wat dit voorkom in 'n gegewe situasie. Om hierdie vaardigheid effektief te implementeer, moet die individu oor genoegsame selfkennis beskik aangaande sy eie potensialiteit ten op sigte van sy eie goeie en swak punte.

Interpersoonlike intelligensie soos wat Salovey en Mayer (1990:189) die vaardigheid benoem, sluit onder meer ook die vermoë in om ander se emosies te monitor en te implementeer tydens die voorspelling van ander se gedrag.

Baie van dié kommunikasie, volgens Salovey en Mayer (1990:193), geskied deur middel van nie-verbale kommunikasie kanale.

Nie-verbale persepsie van emosies dra by tot toereikende interpersoonlike verhoudings, aldus Salovey en Mayer (1990:193).

Nie-verbale persepsie verwys na die vermoë om bewus te wees van die ander se emosies.

Hierdie vaardighede spreek van emosionele intelligensie, omdat daar sprake is van die prosessering van die inligting van binne die organisme. Verder noem Salovey en Mayer (1990:193) dat 'n persoon oor minimum vaardighede behoort te beskik om sosiaal toereikend te kan funksionaliseer.

Bewuswording van emosies, hang gedeeltelik af van die verbalisering daarvan, aldus Salovey en Mayer (1990:191). Hierdie sosiale leer interaksie veronderstel introspeksie. Salovey en Mayer (1990:191) is ook van mening dat redelik min navorsing gedoen is oor die verskillende style van uitdrukking van emosies.

Nelson-Jones (1991:13) beklemtoon die belangrikheid van die erkenning van eie gevoelens. Om emosies te identifiseer en te benoem verg toereikende woordeskat. Hierdie woordeskat behoort genoegsame beskrywende woorde te bevat om die gevoelsmatige te beskryf. Woorde soos ang, geluk, geïrriteerd, gefrustreerd, ongelukkig, bang, bly ensovoort resulteer almal onder die emosionele woordeskat. Goleman (1996:268) is van mening dat toereikende emosionele woordeskat die individu in staat stel om die samehang tussen denke, gevoelens en gedrag in te sien.

Emosionele onbewustheid mag volgens Elias et.al. (1999:25), emosionele skakings tot gevolg hê. Emosionele skakings *emotional hijackings*, gebeur wanneer die persoon oorspoel word met intense emosies wat veroorsaak dat die persoon optree sonder om te dink.

Die bewustheid van eie emosies en dié van ander, is 'n bydraende faktor tot die erkenning en implementering van emosies tydens probleemoplossing en regulering van gedrag, aldus Salovey en

Mayer (1990:189). Indien dit die geval is, kan emosionele bewustheid dus die verhouding tussen die adolessent die ouer ten voordeel strek.

Vanuit bogenoemde kan daar nou samevattend na die volgende voordele van emosionele bewustheid verwys word:

Emosionele bewustheid:

- bevorder die identifisering van emosies en die benaming daarvan
- maak die bespreking van gevoelens moontlik binne die familie verband
- maak onderlinge verbandlegging tussen gevoelens en gedrag moontlik
- laat nie toe dat gevoelens besluitneming oorheers nie
- skep ruimte vir interpersoonlike-kommunikasie, sowel as intrapersoonlike-kommunikasie

5.2.2 Regulering en hantering van emosies

Hantering van emosies sluit volgens Salovey en Mayer (1990:195), die volgende in:

- monitor
- evalueer
- reguleer van emosies

Emosionele selfbewustheid is 'n onderbou vir die hantering van emosies. Eers wanneer 'n persoon se emosies, volgens Goleman (1996: 268) geïdentifiseer is, is dit moontlik om dit te hanteer.

Goleman (ibid) noem verder dat die hantering van emosies

verantwoordelikheid van keuses tot gevolg het. Elias et.al. (1999:57) is van mening dat deur die bewustheid van emosies en die hantering daarvan, die adolessente geleer word om vir hulself te dink in plaas daarvan om aan hulle voor te sê.

Vandaar die mening dat die ouer as fasiliteerder moet op tree vir die adolessent se denke en probleemoplossingsvaardighede. Die ouer moet volgens Elias et.al. (1999:58) nie namens die kind besluite neem nie en ook nie die kind se probleem probeer oplos nie.

Die ouer moet op 'n vaardige manier begeleiding verskaf aan die adolessent ten opsigte van die regulering van emosies, sodat die adolessent deur eie denke tot verantwoordelike gedrag sal neig. Hierdie vryheid wat die ouer aan die adolessent verskaf, veroorsaak dat die adolessent voel dat hy as gelyken behandel word.

Goleman (1996:119) noem dat persone wat ekspressie van emosies monitor, daartoe neig om meer ingesteld te wees op ander se gedrag en reaksies. Dit is met ander woorde moontlik om nie-verbale kommunikasievaardighede toe te pas. Hierdie vermoë stel die persoon in staat om sosiaal aanvaarbaar op te tree.

Hicks (1988:12) is van mening dat indien die ouer die gemoedstoestande kan identifiseer, hy daarmee kommunikasie kan fasiliteer. Almal beskik egter nie oor dieselfde vermoëns om emosies te verstaan en tot uitdrukking daarvan te kom nie (Salovey en Mayer 1990:191). Hulle is van mening dat hierdie verskille verduidelik kan word aan die hand van onderliggende vaardighede wat nodig is om emosies te verstaan en tot uitdrukking daarvan te kan kom. Hierdie vaardighede is ook bydraend tot die algemene welstand van die mens.

Aan die hand van bogenoemde kan die aanname gemaak word dat indien die adolessent bewus is van sy emosies en op 'n vaardige manier deur die ouer begelei word, sal hy in staat wees om sy emosies te reguleer en te kommunikeer.

5.2.3 Die vermoë om empatie te toon

Empatie is volgens Goleman (1996:268) die vermoë om ander mense se gevoelens en persepsies te verstaan en dit te respekteer. Elias et al. (1999:11) noem dat emosionele bewustheid 'n moontlikheidsvoorwaarde is om empatie te toon. Die mate waartoe 'n persoon bewus is van sy eie gevoelens en ook die emosies van ander, bepaal volgens Elias et al. (ibid) die ontwikkeling van sensitiwiteit teenoor ander, met ander woorde konsiderasie vir ander.

Salovey en Mayer (1990:194) verwys na empatie as die vermoë om ander se gevoelens te verstaan en om daardie emosies self te probeer herleef binne jou self.

Empatie verg vaardighede om bewus te wees van ander se emosies, Salovey en Mayer (1990:195)

Hawes (1996:115) noem dat empatie tussen ouer en adolessent 'n gunstige en gesonder atmosfeer vir die ontwikkeling van die adolessent skep. Wanneer 'n persoon positief identifiseer met 'n ander, sal daardie persoon verrykende lewenservaringe beleef met minder stres, aldus Salovey en Mayer (1990:194).

Wanneer die *adolessent* dus positief met sy *ouer* kan identifiseer ten opsigte van sy emosies en empatie kan toon, sal hy verrykende lewenservaringe opdoen.

Volgens Hicks (1988:13) vereis empatie luistervaardighede en ook toepaslike reaksies daarop. Om empatie te toon vereis verder ook nie-verbale kommunikasievaardighede.

As empatie die vermoë is om ander se gevoelens te verstaan, vereis dit kommunikasie van die emosies met die oog daarop om die emosies te verstaan.

Empatie blyk dus die volgende te wees, volgens Salovey en Mayer (1990:194-195):

- om 'n ander persoon se persepsie te verstaan
- om effektief met 'n ander se emosies te identifiseer
- om 'n soort gelyke respons te ervaar as reaksie op die identifisering van emosies
- en om op die interne ondervindinge en belewinge te reageer in terme van gedrag of kommunikasie

Vervolgens gaan vaardighede ten opsigte van die kommunikasie van emosies bespreek word.

5.3 Vaardighede ten opsigte van die kommunikasie van emosies

Shapiro (1998:174-176), bied die volgende uiteensetting van vaardighede wat nodig is om op 'n emosioneel intelligente manier te kommunikeer:

Vaardigheid:

- Uitdrukking van behoeftes:

Metode:

- Druk gevoel uit, verskaf redes vir die gevoelens en maak verwagtings duidelik.

- Deel persoonlike inligting mee:
 - Praat oor eie belangstellings en onderwerpe wat vir die persoon self interessant is.
- Moduleer eie reaksies ten opsigte van verbale en nie-verbale leidrade van ander:
 - Gee aandag aan hoe en wat die ander persoon sê. Kommunikasie is soos 'n wiplank: dit neem twee om dit te laat werk.
- Stel vrae aangaande die ander persoon:
 - Wees nuuskierig. Vind soveel moonlik uit oor die ander persoon.
- Bied hulp en ondersteuning aan:
 - Wees bewus van ander se behoeftes.
- Bied uitnodigings aan die ander persoon:
 - Nooi die persoon uit om aan aktiwiteite deel te neem.
- Verskaf positiewe en opbouende terugvoer:
 - Gee terugvoer oor aangename idees en gedagtes wat die persoon noem.
- Bly betrokke in die kommunikasie-proses:
 - Moenie besig bly met ander aktiwiteite nie. Moenie die onderwerp verander nie.
- Wees 'n goeie luisteraar:
 - Stel vrae. Vra vir meer inligting en verduidelikings.
- Bewys meegevoel met ander persoon:
 - Klankbord die ander persoon se gevoelens.

voel met ander
persoon:

- Toon belangstelling in die ander persoon:
- Toon aanvaarding.
- Toon affeksie en goedkeuring:
- Toon empatie:
- Bied hulp aan en maak voorstelle wanneer van pas.

gevoelens.

- Glimlag. Knik die kop. Maak gereelde oogkontak. Stel relevante vrae.
- Luister na die ander persoon se idees. Probeer iets wat die ander persoon aanbeveel het.
- Gee 'n klop op die skouer. Stel die persoon gerus deur aanvaarding uit te druk.
- Verbaliseer die ander persoon se gevoelens.
- Stel iets nuuts voor en bied hulp aan.

Bogenoemde vaardighede kan geïnkorporeer word tydens die kommunikasieproses. Dié vaardighede kan as riglyne dien tydens die kommunikasie met adolessente. Om die adolessent in sy gesitueerdheid te verstaan, word daar 'n uiteensetting verskaf van die ontwikkelingstake van die adolessent in hoofstuk 3. Alvorens die ontwikkelingstake van die adolessent in diepte bespreek word, gaan die ontwikkelingstake en die emosionele intelligensie kortliks behandel word.

5.4 Ontwikkelingstake en emosionele intelligensie

Wanneer 'n persoon ontwikkelingstake met verskeie vaardighede soos emosionele intelligensie benader, sal hulle 'n voordeel hê om probleme op te los en om suksesvol aangepas te wees, aldus Salovey en Mayer (1990:200).

Hierdie individue sal meer kreatief en aanpasbaar wees en vinniger 'n alternatief vind ter oplossing van die probleem.

Strydom (1999:28-29) verskaf die volgende uiteensetting van die ontwikkelingsniveau van die adolessent. (Gouws en Kruger 1994:7; Van den Aardweg & Van den Aardweg 1993:244; Vrey 1993:20; Woolfolk 1993:64-68.) :

- **Liggaamlike ontwikkelingsniveau:**
Die uitdrukkings van emosies geskied deur middel van gesigs- en liggaamsuitdrukkings. Die opwelling van emosies het ook volgens Strydom (1999:28) 'n biologiese komponent wat byvoorbeeld tranes veroorsaak, die hartklop versnel, ensovoort.
- **Kognitiewe ontwikkelingsniveau:**
Aspekte soos intelligense, denke, kreatiwiteit en probleemoplossingsvaardighede word hieronder geklassifiseer. 'n Verband tussen emosies en kognisie bestaan. Denke kan gevoelens opwek en gevoelens kan sekere denke stimuleer.
- **Sosiale ontwikkelingsniveau:**
Met verwysing van interpersoonlike kontak noem Strydom (1999:29) dat emosies in die meeste gevalle binne 'n sosiale situasie ontlok word. Die adolessent tree dus ooreenkomstig gebeure binne die sosiale milieu op.
- **Affektiewe ontwikkelingsniveau:**
Die emosionele ontwikkeling van die adolessent volg as gevolg van hormonale en groot fisiese veranderinge, 'n onstabiele en onvoorspelbare roete.
- **Normatiewe ontwikkelingsniveau:**
Die adolessent ervaar volgens Strydom (ibid) godsdienste op 'n diep emosionele vlak en laat hom deur sy gevoel oorspoel. Die adolessent sal opstandig raak indien sy emosionele behoeftes nie

aangespreek word nie. Hy sal byvoorbeeld die gevestigde gebruike veroordeel en bevraagteken.

Na die afgehandelde uiteensetting van die plek van emosionele intelligensie in die ontwikkelingstadium van die adolessent word daar in die volgende hoofstuk in groter besonderheid verwys na die ontwikkelingstake van die adolessent. Die rede waarom die ontwikkelingstake spesifiek uiteengesit word is, omdat dié take na die doel van opvoeding verwys.

Om hoofstuk 2 te verbesonder, kan die volgende belangrike essensies uitgelig word:

6. KOMMUNIKASIE VAN EMOSIES GEBASEER OP EMOSIONELE INTELLIGENSIE-TEORIE

KOGNITIEWE FUNKSIONERINGSNIVEAU	SOSIALE FUNKSIONERINGSNIVEAU	NORMATIEWE FUNKSIONERINGSNIVEAU
<ul style="list-style-type: none"> • Identifisering • Benaming • Besluitnemingsvaardighede • Probleemoplossingsvaardighede • Kontroleer • Beplan • Verandering van strategie 	Effektiewe hantering van verhoudings met: <ul style="list-style-type: none"> • Ouers • Portuur • Teenoorgestelde geslag 	<ul style="list-style-type: none"> • Lewensgeoriënteerde adolessent • Sosiaal aanvaarbare gedrag • Vastgestelde waardesisteme • Realistiese lewensbeskouings • Realistiese wêreldbeskouing • Realistiese mensbeskouing
AFFEKTIEWE FUNKSIONERINGSNIVEAU		
<ul style="list-style-type: none"> • Bewus wees van eie emosies 	<ul style="list-style-type: none"> • Bewus wees van ander se emosies • Vermoë om empatie te toon 	<ul style="list-style-type: none"> • Aanwending van emosies
KOMMUNIKASIE VAN EMOSIES		

6.1 Ter verduideliking van tabel

Aangesien emosie onder die affektiewe funksioneringsniveau resulteer, word die kommunikasie van emosies direk deur die volgende affektiewe vaardighede beïnvloed:

- bewus wees van eie emosies
- bewus wees van ander se emosies
- hantering van emosies
- vermoë om empatie te toon

Die affektiewe funksioneringsniveau kan egter nie verabsoluteer word nie en is onderskeibaar van die ander funksioneringsniveaus, hoewel nie skeibaar nie. Gevolglik word dit sterk beïnvloed deur die ander funksioneringsniveaus.

Die kognitiewe funksioneringsniveau vereis onder meer die identifisering en benaming van die emosie ten einde bewus te wees van die emosie. Verder beïnvloed die emosie die besluitnemings- en probleemoplossingsvaardighede indien dit nie bewustelik gereguleer word nie. Gevolglik vereis die regulering van emosies die volgende vaardighede van die affektiewe funksioneringsniveau:

- kontrolering
- beplanning
- verandering van strategie

Effektiewe affektiewe en kognitiewe funksionering bring mee dat die sosiale funksioneringsniveau toereikend voltrek word en die volgende

meebring: effektiewe interpersoonlike verhoudings met onder andere ouers, portuurgroep en die teenoorgestelde geslag.

Effektiewe funksionering op die affektiewe, kognitiewe en sosiale funksioneringsniveau het 'n toereikende funksie ten opsigte van die normatiewe funksionering. Toereikende funksionering ten opsigte van die normatiewe niveau resulteer in 'n lewens-georiënteerde adolessent wat sosiaal aanvaarbare gedrag toon. Hierdie adolessent beskik oor 'n vasgestelde waardesisteen en 'n realistiese lewens-, wêreld-, en mensbeskouing. Dié vaardighede het weer sosiaal aanvaarbare gedrag by die adolessent tot gevolg wat eweneens verbind kan word met die effektiewe kommunikasie van emosies.

Vanuit die inligting soos hierbo uiteengesit blyk dit dat die volgende vaardighede by 'n persoon nodig is vir die effektiewe kommunikasie van emosies:

- vermoë om effektief te luister (luistervaardighede sluit in die boodskap wat oorgedra word deur verbale en nie-verbale kommunikasie)
- die individu moet in staat wees om beurte te maak tydens die kommunikasieproses
- gevoelens moet geharmonieer word
- opoffering moet gemaak word
- konsensus moet bereik word
- eie gevoelens moet duidelik uitgedruk word sonder 'n aanvallende en of beskuldigende benadering tot die ander party
- die vermoë tot effektiewe besluitneming en die bedinging om alternatiewe oplossings
- selfbeheer ten opsigte van impulse wat in 'n gegewe situasie ontstaan
- die vermoë om emosies by die situasie aan te pas

- doelgeoriënteerdheid (erkenning van die impak van hoop en optimisme)
- bewustheid van *af* dae (selfbeheer, doelgerigheid en die bewustheid van eie en ander se emosies)
- self-weerkaatsing is noodsaaklik (reguleer en pas strategieë aan as dit ontoepaslik vir die gegewe situasie skyn te wees)

7. SLOT

Die kommunikasie van emosies is hierbo uiteengesit. Hierdie vaardigheid staan in diens van ouerskapvaardighede en die opvoeding van die adolessent. Tog moet die adolessent sekere take bemeester in sy ontwikkeling as mens. Hierdie ontwikkelingstake dien as doel vir die opvoeding van die adolessent en dus ook die kommunikasie van emosies. Vervolgens word die ontwikkelingstake van die adolessent behandel.

HOOFSTUK 3

ADOLESENSIE AS ONTWIKKELINGSFASE

1. INLEIDING

In die vorige hoofstuk is die kommunikasie van emosies as subveld van lewensvaardighede beskryf. Vir die ouer om empatie teenoor die adolessent te kan toon en die emosies van die adolessent te verstaan, moet hul insig hê in die ontwikkelingsfase van die adolessent.

Voordat die ontwikkelingstake van die adolessent uiteengesit word, moet die adolessent in sy ontisiteit beskou word. Aan die hand van verskeie outeurs word oriënterende omskrywinge, beskrywinge, definisies, onderskeidings en afbakenings met betrekking tot die adolessensie-fase vervolgens aangebied.

2. ADOLESSENSIE

'n Omskrywing van adolessensie word gegee met uiteensetting van die ontwikkelingstaak van die adolessent.

2.1 Omskrywing van adolessensie

Hierdie fase word as die tweede koppigheidsperiode, onrusperiode en stroomversnelling in die ontwikkeling van die opvoeding beskou. Dit is in dié jare waarin die oorgang tussen kindheid en volwassenheid voltrek word.

Mussen, Conger en Kagen (1990:568) is van mening dat meeste verandering en groei tydens adolessensie en veral vroeë adolessensie plaasvind. Hierdie verandering vind fisies, seksueel, psigologies en kognitief plaas en vra sosiale aanpassing ten opsigte van ouers, ouderdomsgroep, onderwysers en die samelewing as sodanig. Adolessensie word ook gesien as die ontwikkelingsfase wat die persoon vanaf kinderjare begelei tot volwassenheid, aldus Hoffnung en Seifert (1987:591). Die verantwoordelikhede en rolverwagtinge van die adolessent kan volgens Hoffnung et al. (1987:591), juis as gevolg van 'n snel transformerende samelewing, nie met sekerheid vasgelê word nie.

Hoffnung et al. (1987:591) is dit eens dat adolessensie belangrike fisiese veranderinge beteken en gepaardgaan met psigiese aanpassing. Hierdie aanpassing mag vir sommige adolessente stormagtig van aard wees, terwyl dit vir ander 'n rustige proses mag wees. Vir die meeste adolessente en hul families gaan hierdie *storm en drang* fase gepaard met konflik en wisselende gevoelens.

Adolessensie is volgens Papalia (1981:344) die aantal jare tussen kindwees en volwassenheid. Hierdie fase begin met aanvang van pubersensie, 'n fase waar fisiese veranderinge snel plaasvind. Reproductiewe funksies en primêre seksuele organe ontwikkel en sekondêre seksuele karaktertrekke ontplooi. Pubersensie strek om en by twee jaar en vind sy voltrekking in puberteit. Puberteit is daardie fase waar die individu seksueel volwasse en reproductief is.

Papalia (1981:344) is van mening dat sosiologiese volwassenheid bereik word sodra die individu self-ondersteunend word, 'n beroep kies, in die huwelik verbind word of 'n familieverbintenis verkry.

Volgens Gillis (1992:70) neem die tydperk van adolessensie 'n aanvang met die begin van die puberteit en strek dit regdeur die tienerjare. Puberteit begin met die aanvang van menstruasie by die dogter en saadstorting by die seun, maar die einde van die adolessente-periode kan nie in dieselfde meetbare terme beskryf word nie. Die afloop van die adolessente-fase kan eerder bepaal word wanneer daardie ontwikkelingsprosesse wat tot fisiese, seksuele en emosionele volwassenheid lei, 'n hoogtepunt bereik het.

Van Rooyen en Louw (1993:44) wys tereg daarop dat puberteit nie 'n vaste aanvangstyd vir alle kinders het nie, nie dieselfde pad teen dieselfde tempo met almal loop nie en nie vir almal binne dieselfde tyd voltrek word nie. Wanneer daar na die aanvang van die puberteit in die literatuur verwys word, word egter deurgaans melding gemaak van fisieke gebeure. Wanneer die voltrekking daarvan ter sprake is, word daar na die psigologiese implikasie daarvan verwys.

Volgens Van Rooyen en Louw (1993:44) duur die puberteit in die Westerse kultuur vanaf ongeveer die tiende tot die veertiende jaar, waarna die kind die vroeë adolessente-fase binnegaan. Hierdie fase duur tot ongeveer die sewentiende lewensjaar. Die fase tussen 17 en 21 jaar staan bekend as laat-adolessensie.

Die einde van adolessensie volgens Roos (1996:35) is minder opvallend. Sosiaal gesien, eindig adolessensie wanneer die individu onafhanklik en selfonderhoudend is. Volwasse rolle word vervul (beroepsbeoefening, die huwelik en gesinsbeplanning). Vanuit 'n psigologiese oogpunt eindig adolessensie wanneer die persoon redelik seker van sy identiteit is.

Emosionele onafhanklikheid van die ouers word bereik, 'n eie waardestelsel word ontwikkel en die individu is in staat om 'n volwasse liefdes- en vriendskapsverhouding aan te knoop.

Volgens Monteith, Postma en Scott (1988:28) is die adolessent 'n biologiese, psigologiese, sosiale en kulturele wese wie se ontwikkeling deur genetiese, psigologiese en sosiale faktore beïnvloed word. Om dus die ontwikkeling van die adolessent te verstaan, moet sy ontwikkeling vanuit verskillende hoeke, waaronder die biologiese of genetiese, psigologiese en sosiale, benader word.

Havighurst (1972:43) wys tereg daarop dat alhoewel veranderinge tydens adolessensie hoofsaaklik interne veranderinge van die liggaam en persoonlikheid is, die ervaring van adolessensie sterk beïnvloed word deur die samelewing waarbinne die jeugdige opgroei.

Erikson (Seltzer, 1989:8) se teoretiese benadering berus op die feit dat 'n adolessent nie apart van sy kultuurgroep kan ontwikkel nie. Hy noem ook dat assosiasie met ouderdomsgroep belangrik is vir die bewuswording van waardes en norme. Erikson beklemtoon die betekenisvolle ander wat eksperimentering, rolspel en psigo-sosiale ontwikkeling daarstel.

Adolessensie as sodanig beskryf volgens Roos (1996:37) die periode van volwassewording. Adolessente ontwikkel biologies en kultureel en kan geleidelik tot die volwasse wêreld toetree. Roos (1996:37) is van mening dat fisieke pubertering 'n kenmerk van die onderste grens van adolessensie is, terwyl die boonste grens deur kulturele eise bepaal word.

Die adolessente-fase word deur Duval en Miller (1985:239) in twee stadiums verdeel:

- Pubescence (puberteit)
 - Adolescence (adolessensie)
- Die periode van rypwording van die geslagsorgane van seuns sowel as dogters.
 - Die periode van psigiese, emosionele, sosiale en persoonlike ontwikkeling tussen puberteit en volwassenheid.

Vir die doel van hierdie studie word die parameters vir die adolessentetydperk soos volg vasgelê en verdeel:

- Puberteit/Vroeë adolessensie:
(ongeveer 12 tot 14 jaar of die junior hoërskooljare)

Volgens Roos (1996:38) word hierdie tydperk grootliks gekenmerk en gedomineer deur die sogenaamde *Growth spurt* en deur fisiese en seksuele ryping. Pretorius (1994a: 133) definieer dit as die sogenaamde negatiewe fase wat deur moeilike gedrag en negatiewe stemminge gekenmerk word (by dogters 12 tot 14 jaar, by seuns van 13 tot 15 jaar).
- Middel-adolessensie:
(ongeveer 14 tot 18 of die senior hoërskooljare)

In hierdie tydperk is jeugdige hoofsaaklik besig om geestelik (psigies) onafhanklik van hulle ouers te word en om heteroseksuele verhoudings te leer hanteer, aldus Roos (1996:38).

- Laat-adolessensie:
(ongeveer 18 tot
21 jaar)

Volgens Pretorius (1994b: 106) hou hierdie lewens tydperk aan totdat jongmense 'n redelik duidelike en konstante sin van persoonlike identiteit verwerf het. Dit is ook die tydperk waartydens hulle hulself verbind tot redelik definitiewe sosiale rolle, waardesisteme en lewensdoeleindes. Volgens opvoedkundiges kan hierdie fase (as 'n kultuur tydperk beskou) selfs tot in die twintigerjare strek.

2.2 Kenmerke van die adolessent

Die uitsluitlike doel van hierdie studie is om die ontwikkelingstake van die adolessent te belig om op grond daarvan riglyne aan die ouer te bied. Die kenmerke van die adolessent figureer in die ontwikkelingstake en word nie in diepte bespreek nie (juis as gevolg daarvan dat die fokus van die studie die ontwikkelingstake van die adolessent is).

Die kenmerke van die adolessent word vervolgens kortliks genoem. Pretorius (1994a:134) se aanbieding van 'n aantal uitstaande kenmerke wat die adolessent in sy spesifieke ontwikkelingsfase openbaar, kan oorsigtelik soos volg beskou word:

- Die belangrikste liggaamlike kenmerke:
Snelle liggaamlike groei en verandering vind plaas; ontwaking van seksualiteit, nuwe ervaring van die eie liggaam; ervaring van rusteloosheid en selfbewustheid.

- Die belangrikste verstandelike kenmerke:
Kritiese ingesteldheid; vrae oor hoe en hoekom; soeke na sin en doel; bekyk alles in eie gesitueerdheid; kritiese toetsing en bevraagtekening van waardes; verwerping van skynheiligheid en bestaande waarde-stelsels.
- Opvallende gevoelskenmerke:
Gevoelens van labiliteit en gemoedskommeling; gevoeligheid weens onder meer biologiese oorsake; sensuweeagtigheid en ongemaklikheid; die adolessent is skaam; geïrriteerd; teruggetrokke; onseker; verliefd; geslagsverhoudinge ontstaan; eensaamheid word beleef; dagdromery; behoefte aan intimiteit en aan die groep; verleentheid en aggressie as gevolg van storm-en-drang; gevoelens van uit-balans-wees.
- Opvallende geestelike kenmerke:
Die adolessent twyfel, beleef konflik en vervreemding, ervaar godsdienstige ontwaking en verdieping, ontwikkel idealisme en begin met 'n soeke na sin.
- Konflik:
Konflik word ervaar weens die tussenposisie van die kind ten opsigte van die volwasse wêreld waarin hy verkeer; die adolessent is afhanklik, maar soek selfstandigheid en ervaar konflik tussen sosiale en morele waardes.

Pretorius (1994b:113) verklaar verder dat tydens die skoolkindperiode daar in die verhouding tussen die kind en sy leeftydgenote veral sprake van kameraadskap is, met ander woorde van 'n saaklike en verbygaande verhoudingstipe, waar die kind hom nie tot sy maat as individuele persoon as sodanig rig nie, maar eerder as lid van die groep en as speel- of

arbeidsgenoot. Dié verhouding verander tydens puberteit tot vriendskap, met ander woorde tot 'n blywende persoonlike binding of 'n ek-jy-verhouding met die maat. Dié verhouding word verwerklik op grond van wedersydse waardering van persoonlikheidseienskappe en gemeenskaplike oortuigings en ideale.

Die portuurgroep vervul volgens Pretorius (1994b:113) 'n betekenisvolle rol in die emansipasie van die adolessent en hierdie rol word al hoe groter namate die adolessent meer onafhanklik van die ouers word.

Die opgaaf aan die ouers sal wees om 'n opvoedingstyl te verwerklik wat die handhawing van goeie verhoudinge tussen hulself en die adolessent sal verseker.

3. ONTWIKKELINGSTAKE VAN DIE ADOLESSENT

Havighurst (1972:1) beskou die lewe as een lang leerproses. Die lewe het ook 'n dinamiese komponent wat nie weg geredeneer kan word nie. In die dinamika van die leerproses is daar sekere take wat vervul moet word. Havighurst (1972:1) is dit eens dat suksesvolle voltooiing van take tevredenheid, beloning en sosiale aanvaarding inhou. Hierteenoor hou onsuksesvolle bemeestering van die take ongelukkigheid en sosiale onaanvaarding in.

Die ontwikkeling van die opvoedeling gaan dus gepaard met ontwikkelingstake wat hy in elke lewenstadium moet vervul.

Volgens Havighurst (1972) stel elke ontwikkelingsfase nuwe *take* (vaardighede, houdinge, begrypinge, prestasies) aan die individu wat hy moet vervul voordat hy na 'n hoër ontwikkelingsvlak kan beweeg (Pretorius 1994b:67).

Steyn, van Wyk en Louw (1989:339-341) is van mening dat ontwikkelingstake betrekking het op dié gedrag wat tydens die verskillende ontwikkelingsperiodes bemeester behoort te word. Indien 'n kind nie volgens bogenoemde outeurs daarin slaag om die ontwikkelingstake eie aan 'n bepaalde ontwikkelingsperiode suksesvol te bemeester nie, het dit nie alleen emosionele implikasies vir die spesifieke ontwikkelingsperiode nie, maar bemoeilik dit ook sy bemeestering van die ontwikkelingstake van die daaropvolgende ontwikkelingsperiodes.

Volgens Havighurst (1972:4) kan hierdie ontwikkelingstake ook as bio-sosio-psigiese take beskryf word, juis omdat hulle weens die werking van biologiese, sosiale en psigiese faktore ontstaan.

Na aanleiding van Havighurst (1972:4) se ondersoek ontstaan ontwikkelingstake op grond van:

- biologiese faktore:
biologiese rypwording ('n jong kind kan byvoorbeeld leer loop wanneer sy bene lank en sterk genoeg is).
- sosiale faktore:
die eise van verwagtinge van ander mense (kulturele druk) (byvoorbeeld dat die jong kind sal leer praat; dat die skoolbeginner sal leer lees).
- psigiese faktore:
die persoonlike motiewe, waardes en aspirasies van die individu wat deel vorm van sy persoonlikheid (byvoorbeeld die keuse van en voorbereiding vir 'n beroep; verwerping van 'n waardesisteem en lewensfilosofie).

Havighurst (1972:4) poog om die individuele behoeftes van die adolessent met die eise van die samelewing te versoen. Take wat uit biologiese behoeftes spruit is universeel, terwyl kultureelbepaalde ontwikkelingstake van kultuur tot kultuur verskil (Monteith et al. 1988:39). Volgens Hurlock (1980:225) is hierdie ontwikkelingstake gerig op die oorbrugging van kinderlike houdings en gedragspatrone ter

voorbereiding op volwassenheid. Die tempo van bemeestering van dié take verskil, aangesien die fisieke ryping van individue varieer.

Volgens Pretorius (1994b:114) is die basiese psigo-sosiale ontwikkelingstaak wat die adolessent moet vervul, dié van identiteitsverwerwing of –vorming. Havighurst (1972) onderskei 'n aantal ontwikkelingstake wat lei tot die vorming van 'n eie identiteit by die adolessent.

Die betrokkenheid van die ouer kan egter nie geringgeskat word nie: *The degree to which adolescents succeed in mastering these developmental tasks is determined by the educational support offered by their educators* (Prinsloo et al. 1996:128).

Die identifisering van ontwikkelingstake tydens adolessensie bied belangrike insigte, enersyds ten opsigte van die adolessent in wat hy moet doen om volwassenheid te bereik en andersyds ten opsigte van die opvoeder wat die adolessent tot volwassenheid moet lei.

Vervolgens word elk van hierdie ontwikkelingstake in groter besonderheid behandel. Die parameters soos hieronder uiteengesit dien as 'n verwysingsraamwerk om die essensiële ontwikkelingstake van die adolessent te belig aan die hand van die volgende domeine:

- liggaamlike domein
- affektiewe domein
- kognitiewe domein
- normatiewe domein
- sosiale domein

4. TABELLE

Die ontwikkelingstake van die adolessent soos wat dit na behoorlikheidseise voltrek moet word, word teenoor die problematiese momente as gevolg van ontoereikende voltrekking van die ontwikkelingstake gestel.

4.1 ONTWIKKELINGSTAKE VAN DIE ADOLESSENT

Ontwikkelings Domein	Ontwikkelingstaak soos wat dit na behoortlikheidseise voltrek moet word	Problematiese momente a.g.v. ontoereikende voltrekking van ontwikkelingstaak
LIGGAAMLIKE DOMEIN	<ul style="list-style-type: none"> • Louw (1998:392) noem dat die adolessent sy/haar veranderende liggaamlike voorkoms moet aanvaar. • Aanvaarding van die fisieke en die effektiewe gebruik van die liggaam (Bigner 1993:285) • Liggaamlike proporsies groei teen verskillende tempo's. Ontwikkeling van krag, soepelheid, spoed en behendigheid. (Gillis 1992:73) • Dit gaan by die adolessent om die aktualisering van onder meer sy gegewe fisiese moontlikhede, om fisies ten volle te funksioneer, om te leer (ten opsigte van sy liggaam), om te weet (sy liggaam te ken), om te verstaan (kennis te hê van sy eie liggaam). (Roos 1996:114) 	<ul style="list-style-type: none"> • Fisiese voorkoms en liggaamsbou is bepalende faktore wat gewildheid onder portuurgroep beïnvloed. Ontoereikende voltrekking daarvan mag lei tot isolasie en ongunstige etikettering. • Adolessente toon 'n behepthed met hulself en is ingesteld op hul fisiese voorkoms. • Omdat die adolessent nie sy motoriese bewegings goed kan beheer nie, voel en lyk hy lomp en onbeholpe, vandaar die benaming lummeljare waarmee die periode ook beskryf word. (Pretorius 1994b:108)

Ontwikkelings Domein	Ontwikkelingstaak soos wat dit na behoorlikheidseise voltrek moet word	Problematiese momente a.g.v. ontoereikende voltrekking van ontwikkelingstaak
	<ul style="list-style-type: none"> • Aanvaarding van eie liggaamsbou en doeltreffende beskerming en gebruik daarvan as 'n ontwikkelingstaak van die adolessent. (Roos1996:113) • Reorganisasie van selfkonsep en aanvaarding van die voorkoms in die lig van liggaamlike veranderinge. (Pretorius 1994b:117) • Nash et.al. (1990:136) beklemtoon die belangrikheid van 'n hoë selfkonsep. • Die liggaamsbeeld van die adolessent volgens Van As (1997:96) is belangrik vir sy selfkonsep. • As gevolg van die verskillende tempo's van groei by seuns en dogters, is dogters die seuns voor in ontwikkeling. 	<ul style="list-style-type: none"> • Tientalle adolessente is vanselfsprekend ontevrede met die eie liggaam. • Volwassenes is verkeerdelik geneig om die adolessent te spot. Dit kan meewerk tot 'n negatiewe selfkonsep. (Van As 1997:57) • Lae selfkonsep is 'n mede-veranderlike wat gedrag rig. • Van As (1997:58) is van mening dat verskillende groeitempo's veroorsaak dat dogters en seuns in dieselfde ouderdomsgroep nie sosiaal so goed bymekaar inpas nie.

Ontwikkelings Domein	Ontwikkelingstaak soos wat dit na behoorlikheidseise voltrek moet word	Problematiese momente a.g.v. ontoereikende voltrekking van ontwikkelingstaak
	<ul style="list-style-type: none"> • Toereikende verwerking van die ontwikkelingstaak ten opsigte van die aanvaarding van die veranderende liggaam en van liggaamlike verskille tussen die self en leeftydgenote impliseer verwerking van die sosiopedagogiese essensie selfkonsepvorming. • Volgens Pretorius (1994b:108) kan 'n interessante onderskeid ten opsigte van puberteit getrek word, te wete dié tussen die fisiese puberteit en psigiese puberteit. • Van As (1997:63) beskryf fisiese puberteit as die seksuele (biologiese) ontwaking en rypwording wat by die jongmens plaasvind (die ontwaking van die seksdrang); by die psigiese puberteit gaan dit om die erotiese ontwaking van die seun en dogter, die bewondering van die aantreklikheid van die teenoorgestelde geslag, die verliefdheid en romantiese dagdrome. 	<ul style="list-style-type: none"> • Ontoereikende verwerking van ontwikkelingstaak ten opsigte van aanvaarding van die veranderende liggaam, dwing die adolessent tot selfinkeer. • Ontoereikende insig in die behoorlikheidseise ten opsigte van toepaslike seksuele gedrag wat van toepassing is op sy / haar kulturele gesitueerdheid, mag lei tot seksueel- wanaangepaste adolessent.

Ontwikkelings Domein	Ontwikkelingstaak soos wat dit na behoorlikheidseise voltrek moet word	Problematiese momente a.g.v. ontoereikende voltrekking van ontwikkelingstaak
	<ul style="list-style-type: none"> • Die adolessent moet seksueel ryp word. (Gillis 1992:72-73) • Die adolessent deurstaan nie net seksuele rypwording nie, maar moet ook die verantwoordelikheid wat geslagsrypwording meebring, aanvaar. (Van As 1997:96) • Die adolessent moet 'n gesonde siening van die seksuele ontwikkel. Van As (ibid) • In antwoord op die vraag "Wie is ek?" noem Roos (1996:114) dat toereikende verwerking van die ontwikkelingstaak die verwerkliking van 'n sosiopedagogiese essensie soos identiteitsverwerwing impliseer. 	

Ontwikkelings Domein	Ontwikkelingstaak soos wat dit na behoorlikheidseise voltrek moet word	Problematiese momente a.g.v. ontoereikende voltrekking van ontwikkelingstaak
AFFEKTIEWE DOMEIN	<ul style="list-style-type: none"> • Die vestiging van emosionele, onafhanklikheid van ouers en ander volwassenes. (Van As 1997:63-64) • Die adolessent moet emansipeer wat betref sy kinderlike afhanklikheid van sy ouers, hy moet affeksie en respek vir sy ouers en ander volwassenes ontwikkel sonder afhanklikheid van hulle. Hy moet dus leer om selfstandig te wees en self te besluit. (Pretorius 1994b:117) • Emosionele ontwikkeling mag lei tot die konfliktsituasie waarin die adolessent hom bevind. (Monteith et.al. 1988:83) • Die adolessent word gekonfronteer met die volwasse verantwoordelikheid maar word nog as kind behandel. Die konflik is egter normaal en noodsaaklik vir ontwikkeling. • <i>The more mature the adolescent, the less the conflict and the less likely he / she is to regress to immature behavior under stress.</i> (Nash et.al, 1990:136) 	<ul style="list-style-type: none"> • As die adolessent volgens Roos (1996:115) met betrekking tot hierdie ontwikkelingstaak misluk, is hy as volwassene 'n afhanklike persoon, dikwels nog oormatig aan die ouers gebonde en minder goed aangepas in die volwasse samelewing, omdat hy emosioneel nog 'n kind is. So 'n persoon vind dit moeilik om 'n huweliksverhouding te hanteer. • Gillis (1992:72-73) noem dat die adolessent emosioneel onstabiel mag wees, tydens die ontoereikende verwerking van die ontwikkelingstaak.

Ontwikkelings Domein	Ontwikkelingstaak soos wat dit na behoorlikheidseise voltrek moet word	Problematiese momente a.g.v. ontoereikende voltrekking van ontwikkelingstaak
	<ul style="list-style-type: none"> • Afname in emosionele afhanklikheid van die ouers gaan gepaard met 'n toename in emosionele betrokkenheid by die portuurgroep, veral by lede van teenoorgestelde geslag. (Havighurst 1972: 15) • Toereikende verwerking van sosio-pedagogiese essensies ek-ly-verhouding en kommunikasie. (Roos 1996: 115) • Die ideaal, volgens Nash et al. (1990:137) is dat die adolessent mettertyd die volgende sal bemeester: Funksioneer sonder gevoelens van angs en skuld, Regresseer nie onder stres nie, uitdrukking van gevoelens en hoë selfkonsep. • Dit is belangrik dat die ouer die adolessent vertrou en vir hom die sekuriteit skep om emosionele onafhanklikheid te vestig. (Van As 1997: 99) • Die adolessent moet leer om selfstandig te wees en om self besluite te neem. (Roos 1996:114) 	<ul style="list-style-type: none"> • Mislukking met hierdie ontwikkelingstaak word gekoppel aan mislukking in pogings om volwasse verhoudinge met leeftydgenote te vestig. (Pretorius 1994b: 118) • Mislukking by die verwerping van emosionele onafhanklikheid lei dikwels tot swak verhoudinge met die portuurgroep en 'n onvermoë om werklik standhoudend emosioneel betrokke te raak by 'n lid van die teenoorgestelde geslag. (Havighurst 1972:56) • Die adolessent kan oorreegeer en gemoedskommeling ervaar. (Nash et al. 1990:136)

Ontwikkelings Domein	Ontwikkelingstaak soos wat dit na behoorlikheidseise voltrek moet word	Problematiese momente a.g.v. ontoereikende voltrekking van ontwikkelingstaak
NORMATIEWE ONTWIKKELINGS-DOMEIN	<p><u>Strewe na en verwerking van sosiaal -verantwoordelike gedrag</u></p> <ul style="list-style-type: none"> • Sosiaalverantwoordelike gedrag berus volgens Roos (1996:121) op die ontwikkeling van 'n sosiaal aanvaarbare lewens en –wêreldbeskouing, wat die adolessent bevoeg maak om as <ul style="list-style-type: none"> • lojale landsburger • verantwoordelike lid van die gemeenskap te word. • Begryping en internalisering van waardes en gewoontes van 'n spesifieke gemeenskap is nodig (Havighurst 1972:76) 	<ul style="list-style-type: none"> • Ontoereikende verwerking lei tot ongunstige sosiopedagogiese essensies: <ul style="list-style-type: none"> • sosiaalmaatskaplike oriëntering • sosialisering • identiteitsverwerwing • Ontoereikende verwerking mag volgens Havighurst (1972:79) aanleiding gee daartoe dat adolessente in radikale aktiviste verander of in onbetrokke individue wat weier om ter wille van die welsyn van die gemeenskap op te tree.

Ontwikkelings Domein	Ontwikkelingstaak soos wat dit na behoorlikheidseise voltrek moet word	Problematiese momente a.g.v. ontoereikende voltrekking van ontwikkelingstaak
	<ul style="list-style-type: none"> • Die adolessent se behoeftes aan <ul style="list-style-type: none"> • outonomie • aanvaarding en • eie identiteit word bevredig deurdat hy tipiese <ul style="list-style-type: none"> • tipiese waardes • gedragswyses en • sosiale rolle van sy portuurgroep aanneem. (Monteith 1988:41) Sodoende berei die adolessent hom voor vir: <ul style="list-style-type: none"> • sosiale rolvervulling • waardes wat hy as volwassene moet vervul. • Die adolessent begin tekortkominge in die samelewing raaksien. In sy soeke na aksie om bogenoemde te verbeter, neig hy eerder na passie as tot redelikheid in sy wêreldbeskouing. Hy mag dan by protesbewegings aansluit. (Pretorius 1994b:121) 	<ul style="list-style-type: none"> • Ontuis in sy maatskaplike norm-oriëntasie en ontuis in sy medemenslike wêreld. • Snel veranderende sosiale en ekonomiese toestande dra by tot groter generasiegaping en konflik. (Havighurst 1972:71)

Ontwikkelings Domein	Ontwikkelingstaak soos wat dit na behoorlikheidseise voltrek moet word	Problematiese momente a.g.v. ontoereikende voltrekking van ontwikkelingstaak
	<p><u>Verwerwing van 'n waardestelsel en 'n ideologie</u></p> <ul style="list-style-type: none"> • Die adolessent moet 'n waardestelsel verwerf, wat as kompas dien vir sy gedrag. (Roos 1996:123) • Hierdie ontwikkelingstaak is nougebonde aan identiteitsverwerwing van die adolessent. • Pretorius (1994b:120) en Havighurst (1972:69) is dit eens dat die volgende beskouinge gevorm word: <ul style="list-style-type: none"> • mens- • lewens- en • wêreld • Adolessente het die keuse van aanvaarding of verwerping van waardes. (Monteith et al. 1988:42) 	<ul style="list-style-type: none"> • Vryheid van keuse mag lei tot konflik tussen adolessent, ouers, portuurgroep en gemeenskap. (Hurlock 1890: Roos 1996:124) • Ontoereikende verwerkliking mag aanleiding gee tot 'n onverantwoordelike volwassene met 'n swak ontwikkelde waardesistiem.

Ontwikkelings Domein	Ontwikkelingstaak soos wat dit na behoorlikheidseise voltrek moet word	Problematiese momente a.g.v. ontoereikende voltrekking van ontwikkelingstaak
	<ul style="list-style-type: none"> • Adolessent moet die geleentheid gebied moet word om verantwoordelikhede te leer en sodoende 'n goeie waardesistiem te vorm. (Monteith 1988:42) • Die adolessent het belangstelling in die rasionele sy van religie en etiese sake en toon behoefte en vermoëns om oplossing van sosiale probleme in sedelike beginsels te soek. (Havighurst 1972:71) • Die individu oefen volgens Pretorius (1994:120) keuses uit tydens lewensituasies wat soms ingewikkeld en problematies mag wees. 	<ul style="list-style-type: none"> • Ontoereikende verwerking van die ontwikkelingstaak volgens Roos (1996:124) word gekoppel aan ongunstige verwerking van sosio-pedagogiese essensies soos sosialisering byvoorbeeld: <ul style="list-style-type: none"> • waardes • sosio-morele norme • houdinge • lewensbeskouing • sosiale vaardighede • kuns en kultuur • kommunikasie • identiteitsverwerwing

Ontwikkelings Domein	Ontwikkelingstaak soos wat dit na behoorlikheidseise voltrek moet word	Problematiese momente a.g.v. ontoereikende voltrekking van ontwikkelingstaak
KOGNITIEWE ONTWIKKELINGS-DOMEIN	<p><u>Invloed van formeel-operasionele denke op die adolessent</u></p> <ul style="list-style-type: none"> • <i>Idealistiese rebelsheid</i> <p>Monteith et al. (1988: 138) verwys na Piaget wat meen dat die adolessent begin om volwasse rolle te aanvaar. Soos wat die adolessent homself tuismaak in die volwasse wêreld, stel sy vermoë tot refleksiewe denke hom in staat om dit wat hy leer, te evalueer.</p> <p>Die adolessent kan onderskei tussen werklikheid en moontlikheid, maar ook soos wat die werklikheid onder ideale omstandighede sou blyk. Hierdie vermoë om te onderskei tussen wat is en wat kan wees, maak van die adolessent 'n idealistiese rebel.</p>	<ul style="list-style-type: none"> • Seltzer (1989: 11) en Monteith et al. (1988: 139) is dit eens dat die adolessent se egosentrisme geopenbaar word in <ul style="list-style-type: none"> • <i>denkbeeldige gehoor</i> • die adolessent glo hy is die middelpunt van belangstelling; • selfkritiek, selfbewondering en behepthed met voorkoms

Ontwikkelings Domein	Ontwikkelingstaak soos wat dit na behoorlikheidseise voltrek moet word	Problematiese momente a.g.v. ontoereikende voltrekking van ontwikkelingstaak
	<ul style="list-style-type: none"> • <i>Egosentrisme</i> Die wese van die adolessent se egosentrisme word volgens Monteith et al. (1988:139) gevorm waar hy dit moeilik vind om te differensieer tussen sy eie denke en die denke van ander. Die adolessent aanvaar dat ander mense net so behep met sy voorkoms en gedrag is as hyself. 	<ul style="list-style-type: none"> • <i>persoonlike fabel</i> persoonlike fabel is nou verbonde aan denkbeeldige gehoor. Die adolessent beskou homself en sy gevoelens as iets besonder. Hy glo niks kan met hom verkeerd loop nie en daarom eksperimenteer hy soms met substansie soos dwelms en alkohol.

Ontwikkelings Domein	Ontwikkelingstaak soos wat dit na behoorlikheidseise voltrek moet word	Problematiese momente a.g.v. ontoereikende voltrekking van ontwikkelingstaak
	<p><u>Die verwerwing van begrips- en probleemoplossingsvaardighede</u></p> <ul style="list-style-type: none"> • Piaget (Seltzer, 1989:10) beskou adolessensie as die finale periode van intellektuele ontwikkeling. Die adolessent is nou in staat om nie net sy eie idees te konseptualiseer nie, maar ook dié van ander. • Van As (1997:90) is van mening dat die adolessent se denke kwalitatief verskil van dié van die volwassene en ervaar dit dienooreenkomstig anders. • Die adolessent wat tot outonome en kritiese denke toegerus is, sal volgens Monteith et.al. (1988:142) sy lewensweg kan baan te midde van groot hoeveelhede inligting en ander eise wat aan hom gestel word. • Die adolessent moet in staat wees om aan die moontlike gevolge van sy gedrag te dink en te onthou dat hy nie alleen in die wêreld is nie. (Monteith et al. 1988:142) 	<ul style="list-style-type: none"> • Ontoereikende verwerkliking hou volgens Monteith et al. (1988:142) in dat die adolessent nie die moontlike gevolge van sy optrede kan insien nie. • Verskil in denke mag aanleiding gee tot konflik tussen volwassene en adolessent. • Ontoereikende verwerkliking van die ontwikkelingstaak mag lei tot oneffektiewe evaluasie van werklikheid en moontlikheid.

Ontwikkelings Domein	Ontwikkelingstaak soos wat dit na behoorlikheidseise voltrek moet word	Problematiese momente a.g.v. ontoereikende voltrekking van ontwikkelingstaak
	<ul style="list-style-type: none"> • Adollesente beweeg van konkreet-operasionele fase na formeel-operasionele fase, wat betref sy kognitiewe ontwikkeling. (Silcock 1984: Van As 1997:90) • Adollesente dink gevolglik anders op dié stadium. <ul style="list-style-type: none"> • Sy verhouding met betekenisvolle ander in sy gesitueerdheid is nie meer so eenvoudig nie. • Hy gehoorsaam nie net sonder meer reëls nie, maar bevraagteken dit en vorm eie mening daaroor. • Hy kan standpunte vanuit verskillende hoeke sien en dit koördineer in een veralgemeende siening. • Die adollesent beskik nou volgens Monteith et al. (1988:142) oor die vermoë om tussen die werklikheid en moontlikheid te onderskei en gefundeerde kriteria te stel of norme evalueer. 	<ul style="list-style-type: none"> • Ontoereikende verwerking mag volgens Monteith et al. (1988:142) resulteer in die volgende: <ul style="list-style-type: none"> • nie-aanvaarding van verantwoordelikheid vir eie dade • om 'n na-prater te wees • nie op eie denke staat te maak nie.

5. GESINSTAKE TEN OPSIGTE VAN DIE ADOLESSENT

Adolescents need parents and they know it. The teen years are a strain on members of both generations in the family. As teenagers strive to emancipate themselves from their parents, they are often critical to the point of disrespect and defiance. At the same time, teenagers believe that adults generally undervalue them. Studies find, however, that adolescents have a higher opinion of adults than do their parents, that both generations have favorable opinions of teenagers, and that adolescents rate parent-adolescent relationships more favorably than do their mothers and fathers (Duvall en Miller 1985:241).

Volgens Pretorius (1994:122) is die oorkoepelende gesinstak tydens adolessensie die losmaking van gesinsbande (toestaan van emosionele onafhanklikheid) om die adolessent groter vryheid en verantwoordelikheid toe te laat en hom ruimte te bied vir identiteitsvorming. In dié verband bevind die moderne ouer hom in die dilemma dat hy telkens moet kies tussen die verwerkliking van ferm kontrole en sosialisering (om die adolessent te beskerm), en die skenk van vryheid aan die adolessent (om sy eie weg te gaan).

The stage often marks a period of conflict and strained communications between teenagers and parents. Differences in value orientation and lifestyles between the generations may become apparent as the teenager approaches early adulthood. (Bigner 1983:317).

Duvall en Miller (1985:242) noem ook dat tydens adolessensie die oorkoepelende gesinstak die losmaking van gesinsbande is om aan die adolessent groter vryheid en verantwoordelikheid te gee en hom ruimte te bied vir identiteitsvorming. In dié verband kom die moderne ouer weer te staan voor die keuse tussen ferm kontrole en vryheid.

- Duvall en Miller (1985:243) noem dat die suksesvolle vervulling van die adolessent se ontwikkelingstake diepgrondig beïnvloed word deur die wyse waarop sy ouers hulle gesinstake in hierdie fase vervul.
- Wat die ouers en ander gesinslede se take ten opsigte van die vervulling van die adolessent se ontwikkelingstake betref, word daar telkens tussen pedagogiese en nie-pedagogiese gesinstake onderskei (Pretorius 1994b:80).

5.1 Nie-pedagogiese gesinstake

Louw (1991:26) verklaar dat dit veral belangrik is om in gedagte te hou dat nie-ideale fisiese omgewingstoestande die ontwikkeling van psigiese funksionering nadelig kan beïnvloed deurdat dit die ontwikkeling van die fisiologiese basis van gedrag benadeel. Verder moet in gedagte gehou word dat 'n nie-ideale omgewing ook indirek nadelige gevolge vir adolessente kan hê, aangesien dit meestal gepaardgaan met ongesonde sosiale toestande.

Duvall en Miller (1985:245) onderskei tussen die volgende nie-pedagogiese gesinstake:

- Voorsiening ten opsigte van 'n wye verskeidenheid behoeftes binne die gesin: Die voorsiening van 'n huislike atmosfeer, voldoende voedsel en liggaamlike sorg aan adolessente, jonger broers en susters en ouers.
- Toewysing van die gesin se hulpbronne in ooreenstemming met elke lid se behoeftes: finansiering van voortdurend toenemende kostes en die regverdige toedeling van ruimte, fasiliteite en toerusting.

- Verdeling van verantwoordelikhede ten opsigte van ondersteuning, bestuur en versorging: Die aanmoediging van elke lid om deel te neem aan die huishouding, ooreenstemmend met sy/haar talente, tyd en belangstelling.

Volgens Pretorius (1994b:121) sien die nie-pedagogiese gesinstake soos volg daar uit:

- Voorsiening en finansiering met betrekking tot die behoeftes van die gesinslede (behuising, voeding, ontspanning, kleding, gesondheidsorg).
- Gesinslede deel die verantwoordelikheid vir die bestuur en instandhouding van die tuiste en verrig huishoudelike take volgens hul talente, belangstelling, beskikbare tyd, ensovoort.

Van As (1998:117) verklaar dat indien die ouer nie daarin sou slaag om te voorsien in die adolessent se basiese behoeftes met betrekking tot veiligheidsbeleving, huislikheid, 'n eie plek en verantwoordelikhede in die huishouding nie, hy nie tot sy volle potensiaal sal kan ontwikkel nie.

5.2 Pedagogiese gesinstake

Waar adolessensie 'n tydperk vir seuns en dogters is om emosioneel onafhanklik van hul ouers te raak en emosionele volwassenheid te bereik, is die middeljare vir die ouer 'n tyd om sy kind te begelei tot volwassenheid. Een van die ouer se gesinstake is hulpverlening aan die tienerseun en –dogter sodat hulle verantwoordelike en gelukkige volwassenes kan word (Havighurst 1972:96-98).

Die belangrikste wat die ouer sy adolessent kan bied, is om 'n goeie voorbeeld te wees om na te volg – 'n voorbeeld van die goeie vader- of moederfiguur, die goeie man of vrou, die goeie tuisteskepper en die goeie landsburger (Van As 1998:117).

Ouers moet ook in hul eie emosionele reaksies ten opsigte van hulle kinders die nodige insig toon om in staat te wees om aan hulle die vryheid asook die *begeleiding* te gee wat hulle mag nodig kry.

The mother should understand herself well enough to avoid projecting the problems of her own adolescence onto her daughter and therefore being oversolicitous or overpunitive. Similarly with the father in relation to his son (Havighurst 1972:96).

Hierdie taak word al hoe moeiliker as gevolg van veranderende omstandighede waaronder kinders tot volwassenheid (van een generasie tot 'n volgende) moet groei.

Thus, what the adolescent child needs in the way of guidance may bear little relationship to the kind of treatment the parents received when they were young (Havighurst 1972:98).

Die volgende pedagogiese gesinstake met betrekking tot die adolessent word in die onderhawige studie behandel:

- opvoeding van die adolessent
- hantering van tiener-seksualiteit
- oorbrugging van die kommunikasiegaping
- hantering van jeugprobleme
- hantering van buite-invloede
- handhawing van 'n sentrale kern van etiese en morele waardes

Bogenoemde pedagogiese gesinstake word getabuleer in hoofstuk 3⁵ om die essensiële aspekte daarvan uit te lig.

Die toereikend verwerklike gesinstake word teenoor ontoereikend verwerklike gesinstake geplaas met die doel om problematiese momente wat daaruit voortvloei, te belig.

Soos inligting in die hoofstuk verder bespreek word, sal dit duidelik raak dat 'n gunstige opvoedingstyl vir adolessente 'n warm, demokratiese opvoedingstyl blyk te wees.

Opvoedingstyle word as verwysingsraamwerk gebruik om sosio-pedagogiese essensies te beklemtoon wat deur die adolessent verwerklik moet word.

Die ongunstige verwerkliking van gesinstake word gesoek in die lig van die minder gunstige opvoedingstyle: te wete, koue, dominante, toegeeflike, intolerante, outokratiese, betrokke en onverskillige opvoedingstyle.

Hierdie beligte ongunstige essensies wat deur die adolessent verwerklik word, dien as verdere verwysingsraamwerk vir die ontwikkeling van funksionele lewensvaardighede vir adolessente en hul ouers.

5.2.1 Opvoeding van die adolessent

Die gesin is die primêre groep met persoonlike en intense tussenmenslike verhoudinge. Die kind is in sy totaliteit binne die gesin gesitueerd, maar tydens die jeugtydperk is daar 'n afname in

⁵ Vergelyk hoofstuk 3, afdeling 2.5.2 – 2.5.6

die sosiale invloed wat die gesin op die jeugdige het (Pretorius 1990:154).

Van As (1998:156) meen dat opvoeding van die adolessent die sentrale opvoedingsopgawe is, aangesien die adolessent daarop aangewese is van sy ouers.

Volgens Pretorius (1994a:155) soek die jeugdige (adolessent) kontak met volwassenes (ouers) wat kan gesprek voer, begrip toon, demokraties optree en hom volledig aanvaar. Die adolessent soek openheid, opregtheid, steun, begeleiding, vertrouwe, saamwees en saambestaan.

Pretorius (1990, 1994a) is van mening dat alhoewel die adolessent nog behoefte het aan gesag en leiding van sy ouers, hy aangewese is op 'n warm, demokratiese opvoedingstyl.

Die warm, demokratiese opvoedingstyl oefen die belangrikste invloed uit op die adolessent se persoonlikheidsontwikkeling, omdat dit by die opvoeding van die adolessent daarom gaan om sy persoonlikheid optimaal te ontwikkel. Die warm, demokratiese opvoedingstyl oefen ook die belangrikste invloed uit op die adolessent se verwerking van sosiopedagogiese essensies (Van As 1998:157).

Alhoewel bogenoemde uitspraak aantoon dat die invloed van die gesin op die adolessent afneem, is hy nogtans onteenseglik aangewese op die opvoeding van sy ouers. Die opvoedingstyl wat die ouer verwerklik, oefen 'n betekenisvolle invloed uit op die persoonlikheidsontwikkeling van die adolessent, asook op die verwerking van sosio-pedagogiese essensies, soos byvoorbeeld

sosialisering, selfaktualisering, identiteitsverwerwing,
selfkonsepvorming, behoeftevervulling, ensovoort.

Vervolgens gaan die res van die gesinstake uiteengesit word met
die doel om die ouer sodoende toe te lig met die kennis en
vaardighede om die adolessent tot self-aktualisering te begelei.

5.2.2 Oorbrugging van die kommunikasiegaping

Toereikende verwerking van gesinstaak	Gedrag van adolessent	Ontoereikende verwerking van gesinstaak	Gedrag van adolessent
<ul style="list-style-type: none"> • Volgens Pretorius (1992:34) toon die ouer die volgende <ul style="list-style-type: none"> • Gewilligheid om te luister • Voortdurende aanvaarding • Voortdurende affeksie • Aanmoediging van tiener tot ekspressie van werklike gevoelens • Ouer kommunikeer sy liefde aan adolessent deur byvoorbeeld oogkontak of fisiese kontak. • Die ouer bied die adolessent die gewenste mate van vryheid • Die ouer is beskikbaar vir openhartige gesprekke. (Duvall en Miller 1985:254) • Die ouer toon begrip vir die adolessent se gevoelens. (Monteith et al. 1988:202) 	<ul style="list-style-type: none"> • Volgens Pretorius (1992:34) is die tiener in staat tot demokratiese, rasonele tweegesprek en korrigering op grond van redenering: • Vestig 'n toereikende ek-jy verhouding • Toereikende sosialisering en selfkonsepvorming • Toereikende verwerking van sosio-pedagogiese essensies : <ul style="list-style-type: none"> • self-aktualisering • sosialisering • identiteitsverwerwing • Die adolessent beleef aanvaarding en respek van ouers. 	<ul style="list-style-type: none"> • Die ouer toon volgens Van As (1997:198) die volgende: <ul style="list-style-type: none"> • min kommunikasie • min belangstelling • geen leiding • liefdeloosheid • tree verkleinerend op • tree afkeurend op • tree opdringerig op • bemoeisiekheid • onsensitief vir behoeftes van adolessent • nie-aanvaardend 	<ul style="list-style-type: none"> • Ontoereikende verwerking van die volgende sosio-pedagogiese essensies <ul style="list-style-type: none"> • ek-jy verhouding • kommunikasie • sosialisering • selfaktualisering • behoeftevervulling • Resulteer in gedrag soos: <ul style="list-style-type: none"> • luidrugtigheid • verhoudings-en kommunikasie probleme • insiklikheid • swak aangepas • nie-nuuskerig • gebrekkige selfstandigheid • normrigiditeit

5.2.3 Hantering van tienerseksualiteit

Toereikende verwerking van gesinstaak	Gedrag van adolessent	Ontoereikende verwerking van gesinstaak	Gedrag van adolessent
<ul style="list-style-type: none"> • Volgens Pretorius (1992b:122) is geslagsopvoeding die allerbelangrikste gesinstaak • Bespreking van feite, besorgdhede, gevoelens en gevolge van die adolessent se seksuele aktiwiteite • Ouers dien as model ten opsigte van <ul style="list-style-type: none"> • manlikheid • vroulikheid • huwelik-in-aksie • <i>Lê seksuele beperkinge en reëls neer.</i> (Roos, 1990:153) 	<ul style="list-style-type: none"> • Beskik oor die nodige: <ul style="list-style-type: none"> • kennis • vaardighede • houdinge en • waardes ten opsigte van 'n seks-georiënteerde samelewing • Bied sekuriteit vir adolessent om sy seksualiteit binne veilige grense te eksploreer • Roos (1996:152) noem dat adolessente leer dat seksuele intimiteit binne die huwelik goed is, en dat dit moontlik is om 'n verhouding te hê wat hul behoeftes sal bevredig. 	<ul style="list-style-type: none"> • Onbetrokke ouerskap volgens Roos (1990:153) en Van As (1998:193-205) het die volgende tot gevolg: <ul style="list-style-type: none"> • geen eise stelling • onsensitief vir behoeftes van adolessent • laat baie vryheid toe • min kommunikasie • verkleinerend 	<ul style="list-style-type: none"> • <i>Insecurity about gender identity, which leads to premature sexual relations to prove masculinity or femininity, may result in further problems.</i> (Nash et al. 1990:146) • <i>Complete impulses may lead to deviant personality development.</i> (Nash et al. 1990:146)

<ul style="list-style-type: none"> • Volgens Papalia & Olds (1992:358) toon die ouer die volgende eienskappe: <ul style="list-style-type: none"> • sensitief vir adolessent se behoeftes • oop vir bespreking • verseker adolessent van ondersteuning • luister beheers (beskikbaarheid) • toon respek • probeer adolessent se gevoelens verstaan • vermy verkleining en vernedering • onvoorwaardelike aanvaarding 			<ul style="list-style-type: none"> • Volgens Van As (1998:198) toon adolessent die volgende: <ul style="list-style-type: none"> • losbandigheid • skaamte-gevoelens • seksuele wangedrag • Ontoereikende verwerking van sosiopedagogiese essensies: <ul style="list-style-type: none"> • behoefte-ervulling • selfkonsep • sosialisering • ek-jy-verhouding • kommunikasie • selfaktualisering
---	--	--	---

5.2.4 Hantering van jeugprobleme

Toereikende verwerking van gesinstaak	Gedrag van adolessent	Ontoereikende verwerking van gesinstaak	Gedrag van adolessent
<ul style="list-style-type: none"> • Ondersteuning • Goeie kommunikasie • Gouws en Kruger (1994:142) en Roos (1996:129) wys op die volgende: <ul style="list-style-type: none"> • duidelike reëls en riglyne word verskaf • ouers rig kinders psigies toe om te voorkom dat adolessent saam met die massa gaan • beskik oor effektiewe kontrole • 'n liefdevolle gesins-atmosfeer word gekommunikeer 	<ul style="list-style-type: none"> • Adolessent moet insig toon in potensiële gevare van onwettige en afwykende gedrag • Kan groepsdruk weerstaan • Die adolessent beskik oor verantwoordelike selfdisipline (Pretorius 1994:125) 	<ul style="list-style-type: none"> • Aldus Van As (1998:198) manifesteer 'n swak verhouding tussen adolessent en ouer: <ul style="list-style-type: none"> • min aandag • min ondersteuning • koue verhouding • afkeurende ouer • onbetrokke ouer • min kontrole oor adolessent • onsensitief vir behoeftes • passiewe ouer • ouer wat kind verwaardeloos 	<ul style="list-style-type: none"> • Misbruik van: <ul style="list-style-type: none"> • dwelms • alkohol • roekelose motorbestuur • vervreemding (Pretorius 1994a:124) • Ontmoediging • Depressie • Jeugmisdaad • Volgens Roos (1996:128) toon hierdie adolessente ook die volgende: <ul style="list-style-type: none"> • wegloop-verskynsel • roof • aanranding • selfmoord neigings

5.2.5 Hantering van buite-invloede

Toereikende verwerking van gesinstaak	Gedrag van adolessent	Ontoereikende verwerking van gesinstaak	Gedrag van adolessent
<ul style="list-style-type: none"> Volgens Pretorius (1994b:125) moet die adolessent gelei en begelei word tot <ul style="list-style-type: none"> begryping en waardering van persone met uiteenlopende verskeidenheid van leefstyle en waardes. Die tiener moet opgevoed word tot nie-aanvaarding van skadelike invloede. Ouers het 'n belangrike sosialiseringstaak, aldus Pretorius (1994b:125) 	<ul style="list-style-type: none"> Ontwikkeling vaardighede, waardes, leefstyle en verhoudinge wat met die behoorlikheidseise ooreenstem. Volgens Roos (1996:149) toon hulle positiewe <ul style="list-style-type: none"> selfkonsepvorming behoeftevervulling kommunikasie selfaktualisering gunstige ek-jy verhoudinge 	<ul style="list-style-type: none"> oormatig krities begriploos onbuigsaam onbetrokke min reëls nie-begeleidend onsensitief vir behoeftes besluit vir adolessent distansielose kommunikasie 	<ul style="list-style-type: none"> Ontoereikende verwerking van die volgende sosio-pedagogiese essensies: <ul style="list-style-type: none"> ek-jy verhouding kommunikasie sojalisering selfaktualisering selfkonsep behoeftevervulling Verdere ongunstige gedrag soos: <ul style="list-style-type: none"> gebrekkige selfstandigheid min sosiale verantwoordelikheid

5.2.6 Handhawing van 'n sentrale kern van etiese en morele waardes

Toereikende verwerking van gesinstaak	Gedrag van adolessent	Ontoereikende verwerking van gesinstaak	Gedrag van adolessent
<ul style="list-style-type: none"> • Volgens Pretorius (1994b:126) wil die ouer die volgende oordra: <ul style="list-style-type: none"> • plig voor plesier • dit is nie belangrik <i>hoe</i> jy wen nie, maar <i>hoe</i> jy die spel <i> speel</i> • geluk is moontlik sonder geld • buitehuwelikse seks is moreel verkeerd • Volgens Monteith et al. (1988:168) is die opvoeder se taak die volgende: <ul style="list-style-type: none"> • die daarstel van duidelike christelike waardes en normas • om geleidelik meer begeleide vryheid te bied • om die adolessent te onderrig in konkrete verwerking van sy waardesisteem. 	<ul style="list-style-type: none"> • Rype lewensvaardigheid resulteer in: <ul style="list-style-type: none"> • onafhanklikheid en • outonomie • Toereikende morele ontwikkeling van die adolessent en standvastige en goed deurdenkte begrip van waardes. (Pretorius 1994b:126) • Toereikende verwerking van die sosiopedagogiese essensies <ul style="list-style-type: none"> • sosialisering • ek-jy verhouding • kommunikasie (Roos 1996:151) 	<ul style="list-style-type: none"> • Pretorius (1994:125-126) verwys op die volgende: <ul style="list-style-type: none"> • onbuigsame ouers • versteurde gesinseenheid • luister nie na adolessent nie • rigiede handhawing van reëls en gedragkodes. • Volgens Van As (1998:198-204) toon die ouers die volgende opvoedingsgedrag: <ul style="list-style-type: none"> • oormatig krities • geen leiding • liefdeloosheid 	<ul style="list-style-type: none"> • Toon verwarring ten opsigte van behoorlikheidseise en kommunikeer die volgende: <ul style="list-style-type: none"> • materialisme • sinloosheid • onrypheid • sensasielus. ensovoort • Van As (1998:197-204) wys op die ontoereikende verwerking van die volgende sosiopedagogiese essensies: <ul style="list-style-type: none"> • ek-jy –verhouding

	<ul style="list-style-type: none">• Aldus Monteith et al (1988) adolessent gebruik die adolessent sy ouer se verwerklkte waardes en norme as verwysingsraamwerk.• Aanvaarding van eie keuses	<ul style="list-style-type: none">• dwang• nie begeleidend• distansielose kommunikasie• streng eise• nie verantwoordelik• emosionele distansie	<ul style="list-style-type: none">• kommunikasie• sosialisering• selfaktualisering• selfkonsep• behoeftevervulling
--	---	---	--

6. SAMEVATTEND

Vanuit die literatuurstudie in hierdie hoofstuk is dit duidelik dat kommunikasie 'n gesinstraak is wat die ouer moet behartig. Die adolessensiefase van beide ouer en adolessent verg voorts groot emosionele aanpassing. Dit sluit aaneen met die vorige hoofstuk in die sin dat kommunikasie van emosies van kardinale belang is.

Vervolgens sal daar 'n voorstelling gemaak word van praktiese riglyne aan die ouer van die adolessent ten opsigte van die kommunikasie van emosies. Hierdie voorstelling word gemaak op die aanname dat daar tydens die navorsingstudie nie beskikbare programme bestaan het wat aan die behoeftes voldoen het nie.

HOOFSTUK 4

NAVORSINGSONTWERP

1. INLEIDING

In hierdie hoofstuk word die navorsingsontwerp behandel. Die program word in besonderheid uiteengesit en die verloop daarvan word bespreek. Ten eerste word die doel van die program bespreek om die werkwinkel te verantwoord.

2. DOEL VAN DIE PROGRAM

Die doel van die program is om ouers bewus te maak van hul eie en ander se emosie, om hul daardeur te bemagtig om empatie te toon en hul emosies te reguleer. Dit is met ander woorde, 'n ouerbemagtigingsprogram ten opsigte van die kommunikasie van emosies, met 'n uiteensetting van die ontwikkelingstake van die adolessent om aan die ouers agtergrond te verskaf aangaande die aard van ontwikkeling van die adolessent. Op hierdie manier word daar aan ouers 'n agtergrond verskaf aangaande die aard van ontwikkeling van die adolessente. Hierdie bemagtigingsprogram speel 'n funksionele rol in die begeleiding van die adolessente op die weg na self-aktualiserende volwassenes in die sin dat die adolessente hulself as gelykenes beleef en sosiaal-verantwoordelike gedrag aanleer.

3. HIPOTESE

Die hipotese word in drie afdelings omskryf en sien soos volg daar uit:

- Die gesin is 'n leerskool vir die hantering en regulering van emosies. Die gesin is 'n veilige omgewing waarbinne daar geëksploreer kan word met emosies.
- Kommunikasie van emosies is 'n aangeleerde vaardigheid. Die aanleer van vaardighede bemagtig die persoon om 'n betekenisvolle lewe te lei.
- Kommunikasie van emosies is 'n bydraende faktor tot sosiaal-aanvaarbare gedrag by die adolessent. Kommunikasie van emosies dra by tot sosiale aanpasbaarheid en sukses in die sosiale situasie.

4. STEEKPROEF

Vir die doel van die program is slegs moeders betrek omrede hierdie besondere ouers meer beskikbaar was as die vaders. Diesnieteenstaande is die program so ontwerp dat beide ouers daarby kan baat vind.

Bogenoemde ouers is genader aangesien hulle spesifieke probleme ondervind met die hantering van hul adolessente, met besondere verwysing na die hantering van die emosies tussen beide partye.

5. PROGRAM

Tydens die uitvoer van literatuurstudie was daar nie beskikbare programme wat aan die behoeftes van hierdie navorsing voldoen het nie.

Daar bestaan wel vele programme vir die afsonderlike hoofbegrippe emosies, kommunikasie en emosionele intelligensie, maar geen programme vir die

kommunikasie van emosies soos gebaseer op die emosionele intelligensieteorie nie. Om dié rede word die volgende program opgestel.

5.1 Ysbreker

Daar sal met 'n ysbreker begin word om die ouers aan mekaar bekend te stel ten opsigte van dit wat hulle aan die ander bekendgestel wil hê. 'n Eenvoudige ysbreker word gebruik. Die ouers sal hulself aan mekaar bekend stel, meld wat hul eie en hul eggenoot se beroep is en kortliks iets vertel van hul kinders. Daarna moet hulle redes verskaf waarom hulle die werkwinkel bywoon en wat hul verwagting daarvan is.

5.2 Die werkwinkel

5.2.1 Eksplisiete doel

Die eksplisiete doel van die werkwinkel kan soos volg uiteengesit word:

- Om die ouers bewus te maak van hul eie gevoelens sodat hulle dit intrapersonlik kan kommunikeer met die doel om hul emosiese te identifiseer en in 'n gegewe situasie te benoem.
- Om die ouer bewus te maak van ander se emosies en hul toe te rus met interpersoonlike kommunikasievaardighede met die doel om empatie teenoor ander te toon.

- Om die ouer tot insig te lei dat die kommunikasie van emosies ook kommunikasie van ander momente soos sosiaal aanvaarbare gedrag en normatiewe momente tot gevolg het.
- Om die ouer te begelei tot 'n aanvaarbare manier om emosies uit te druk.
- Om die ouer se kennis uit te brei aangaande die ontwikkelingstake van die adolessent sodat die ouer insig sal toon ten aansien daarvan met die oog op toereikende begeleiding van die adolessent tot 'n suksesvolle volwassene.

6. AFDELING EEN

6.1 Implisiete doel

Die implisiete doel kan soos volg uiteengesit word:

- Om die ouer bewus te maak van sy of haar eie emosies sodat hulle die emosies kan identifiseer en in 'n gegewe situasie kan benoem.
- Om die ouer se emosionele woordeskat uit te brei om hom of haar sodoende te bemagtig om sy of haar emosies te identifiseer en te benoem.
- Om die ouer bewus te maak van intrapersoonlike

kommunikasievaardighede sodat hy of sy dit na afloop van die sessie prakties sal kan toepas in sy of haar eie gesitueerdheid.

6.2 Hulpmiddels

- Visuele voorstellings van emosies
- Werkkaart ten opsigte van Bylae A en B
- Pen of potlood

6.3 Verloop van sessie

6.3.1 Oriëntering:

Die sessie behoort ingelei te word deur 'n verduideliking aan die ouers te verskaf dat gevoelens gekommunikeer word deur middel van uitdrukking van emosies aan ander en ook aan onself.

Die ouers behoort gevra te word of hulle presies weet wat emosies is. Daar moet voorts ook geleentheid aan die ouers gebied word om hul eie opinies en definisies te verskaf aangaande emosies en gevoelens.

Vanuit bogenoemde inligting moet daar vervolgens met behulp van die aanbieder duidelikheid verkry word oor die betekenisnuanses van die begrip emosies:

- emosies is abstrak
- almal se emosies is uniek
- emosies word opgewek na gelang van gebeurtenisse
- emosies word beleef ooreenkomstig die eie ervaringswêreld
- emosies mag gedrag rig
- emosies gaan gepaard met kognitiewe bewustheid
- emosies gaan gepaard met liggaamsveranderings - uitdrukkings en -aksies

6.3.2 Eksposisie

Met die ouer se bewuswording van die begrip *emosies*, moet die ouer dié emosies aan die hand van visuele voorstellings daarvan benoem. Die sewe prente is visuele voorstellings van sewe basiese emosies volgens Strydom (1999:24), naamlik: vreugde, aanvaarding, verwagting, hartseer, geaktiveerd, woede en vrees.


Die visuele voorstellings word voorgehou soos uitgebeeld deur Middleton (1990:60-67). 'n Prentjie word telkens afsonderlik aan die ouers getoon, waarna die ouer die emosie moet identifiseer en benoem.



Bylaag i



Bylaag ii



Bylaag iii




Bylaag iv



Bylaag v



Bylaag vi



Bylaag vii

Nadat die sewe prente vertoon is, moet die ouer gepaste byvoeglike naamwoorde vir elke emosie voorsien en dit invul op bylaag A.

Bylaag A

Emosies	Byvoeglike naamwoorde			
Vreugde				
Aanvaarding				
Verwagting				
Hartseer				
Geaktiveerd				
Woede				
Vrees				

Noudat die ouer se emosionele woordeskate uitgebrei is, kan die ouer die emosies etiketteer aan die hand van goeie en slegte belevingsdaarvan.

6.3.3 Funksionalisering

Die ouer word nou versoek om in die werkkartaar in kolomvorm met behulp van bylaag B goeie en slegte gevoelens te lys aan die hand van hul eie ervaringswêreld. Hulle mag gebruik maak van die emosionele woordelys wat hulle reeds gekonstrueer het.

Bylaag B

Goeie gevoelens	Slegte gevoelens

Nadat die ouers die emosies as positiewe of negatiewe belewinge beskryf het, moet hulle begelei word tot die etiologie van die emosies in hul eie gesitueerdheid.

Ter afsluiting van die sessie kan daar aan die ouers verduidelik word dat hulle bewus moet wees van hul eie emosies. 'n Bewustheid van eie emosie en die intrapersoonlike kommunikasie van gevoelens mag tot toereikende interpersoonlike kommunikasie en empatie teenoor ander lei.

7. AFDELING TWEE

7.1 Implisiete doel

Die implisiete doel kan soos volg uiteengesit word:

- Om ouers te begelei tot effektiewe kommunikasie van emosies aan ander.
- Om ouers bewus te maak van ander se emosies en gevoelens sodat hulle dit as 'n vaardigheid kan implementeer tydens interpersoonlike kommunikasiemomente.
- Om die bewustheid van ander se emosies funksioneel te implementeer sodat die ouer in staat kan wees om empatie te toon teenoor ander, veral teenoor hul adolessente in ontwikkelingsfase.
- Om ouers tot die insig te lei dat deur die kommunikasie van emosies, ander momente soos

sosiaal aanvaarbare gedrag en normatiewe momente ook gekommunikeer kan word.

7.2 Hulpmiddels

- Aantekeningbord
- Werkkaart ten opsigte van Bylae C, D en E
- Pen of potlood

7.3 Verloop van sessie

7.3.1 Oriëntering

Ter aanvang van hierdie sessie behoort daar verwys te word na die identifisering van eie emosies. Die ouers kan versoek word om die volgende aanhalings te evalueer en te bespreek:

Daar behoort genoegsame tyd verskaf te word vir die evaluering van die aanhalings. Deur middel van groepsbespreking kan enkele momente op die aantekeningbord gemaak word.

Bylaag C

“Jou huiswerk moet onmiddellik gedoen word!”

“Hou op om so te kla.”

“ Bly stil, ek wil niks weet nie.”

Ouer se kommunikasierol:	Kind se beleving daarvan:

“ Jy beter jou kamer gaan skoonmaak anders gaan jy nie vanaand uit nie.”

“ Jy moet ophou teëpraat, ek gaan vir jou pa vertel.”

Ouer se kommunikasierol:	Kind se beleving daarvan:

“ 'n Mens maak nie so nie.”

“ Dit help nie om te kla nie, doen liewers iets.”

“Ons almal kry swaar, hou maar net uit.”

Ouers se kommunikasierol:	Die kind se beleving daarvan:

“Nee, jy maak nou verkeerd. Maak eerder soos ek sê.”

“Waarom nooit jy nie 'n vriend oor nie?”

“Ek sou eerder die saak met die onderwyser bespreek, as om so arrogant op te tree.”

Ouers se kommunikasierol:	Die kind se beleving daarvan:

" Jy behoort darem van beter te weet."

" Hoe kan jy so selfsugtig wees?"

"Jy is die groot moeilikheidmaker in die huis."

Ouers se kommunikasierol:	Die kind se beleving daarvan:

" Jy is onnosel verby!."

" Sies, dis darem lelik."

" Reg, ou slim-Jan."

Ouers se kommunikasierol:	Die kind se beleving daarvan:

" Jy is net te lui om jou huiswerk te doen, daarom sê jy jy is moeg."

" Jy voel net 'n bietjie hartseer omdat jy nie die eerste span krieket behaal het nie."

Ouers se kommunikasierol:	Die kind se beleving daarvan:

" Wie het eerste geslaan?"

" Hoekom hou jy nie van die onderwyser nie?"

" Wat het jy toe gesê?"

Ouers se kommunikasierol:	Die kind se beleving daarvan:

7.3.2 Eksposisie

Daar behoort aan die ouers verduidelik te word dat jy-boodskappe 'n veroordelende uitspraak lewer. Dit lei tot skuldgevoelens by die kind. Jy-boodskappe kan ook konflik en konfrontasie veroorsaak. Kinders en veral adolessente hou nie daarvan om voorgesê te word nie. Indien hulle voorgesê word, leer hulle nie om hul eie probleme op te los nie. Vir ouers om hul adolessent se gedrag te beïnvloed, moet die ouer op so 'n wyse kommunikeer dat die kind die ouer se gevoelens en bedoelinge reg verstaan.

Die ouer moet egter in beheer wees van sy eie emosies as hy dit wil oordra. Verwys na die eerste afdeling waar die ouer bewus gemaak is van sy eie gevoelens.

Noudat die ouer bewus is van sy gevoelens, kan hy dit aan sy adolessent kommunikeer. Deur middel van ek-boodskappe druk die ouer sy spesifieke gevoelens uit sonder om veroordelend te wees.

Verduidelik aan die ouer dat ek-boodskappe uit drie dele bestaan, naamlik:

- beskrywing van die gedrag van die kind
- beskrywing van die gevoel van die ouer teenoor daardie gedrag
- beskrywing van die gevolg van die kind se gedrag op die ouer

Wys aan die ouers die volgende manier om ek-boodskappe saam te stel:

Wanneer jy
voel ek
omdat

Formuleer die volgende situasies in ek-boodskappe:

Bylaag D

Situasie	In plaas van die volgende te sê:	Sê eerder:
Jou tienerdogter laat jou 'n halfuur lank wag voor sy opdaag.	"Jy is altyd laat! Wanneer gaan jy ooit leer om betyds te wees?"	"Wanneer jy" "voel ek" "omdat"
Jou tienerseun kyk TV in plaas daarvan om sy huiswerk te doen.	"Ek gaan hierdie TV nog stukkend gooi. Dink jy jy gaan standerd 7 deurkom met 'n TV onder die arm?"	"Wanneer jy" "voel ek" "omdat"

Verduidelik aan die ouers dat dit nodig sal wees om die adolessent se gedrag te verstaan alvorens die ouer sy of haar emosies sal kan kommunikeer.

Hierdie verstaan van die adolessent se gedrag verg interpersoonlike verhoudingsvaardighede met die beklemtoning van verbale en nie-verbale kommunikasievaardighede.

Die verbale kommunikasievaardighede is pas behandel en saamgevat in die ek-boodskappe. Die nie-verbale kommunikasievaardighede word saamgevat onder die term *empatie*. Empatie is die vermoë om ander se gevoelens te verstaan. Dit vereis kommunikasie van emosies met die oog daarop om spesifieke emosies te verstaan.

Empatie blyk dus die volgende te wees:

- om 'n ander persoon se persepsie te verstaan
- om effektief met 'n ander se emosies te identifiseer
- om 'n soortgelyke respons te ervaar as reaksie op die identifisering van emosies
- om op interne ondervindinge en belewinge in terme van gedrag of kommunikasie te reageer

Ten einde effektief met die adolessent te identifiseer en hom of haar te verstaan, moet die ouer bewus wees van die adolessent se emosies, asook die ontwikkelingsfase waarin die adolessent verkeer.

Die ontwikkelingstake van die adolessent word in afdeling C uiteengesit.

Emosies is abstrak, en word vir die mens duidelik gemaak deur nie-verbale kommunikasie. Die rede hiervoor is dat emosies gepaardgaan met liggaamsverandering en die uitdrukking daarvan. Die oorgaan na aksies en emosies gaan gepaard met 'n kognitiewe bewustheid.

Die ouer is bewus van sy eie gevoelens en moet kennis dra dat dieselfde emosies ook in ander persone kan voorkom.

Op dieselfde manier wat woorde denke verwoord, so verwoord nie-verbale kommunikasie gevoelens. Daarom moet die ouers bewus gemaak word op gesigs-en liggaamsveranderinge, asook op stemtoon.

Op hierdie stadium van die sessie moet tyd gegun word vir groepbespreking oor nie-verbale kommunikasie. Vra vir die ouers om voorbeelde te noem van situasies wat hulle kan onthou waar nie-verbale kommunikasie opvallend was.

7.3.3 Funksionalisering

Ter afsluiting van hierdie afdeling word die volgende gevallestudie aan die ouers voorgehou:

8. AFDELING DRIE

8.1 Implisiete doel

Die implisiete doel kan soos volg uiteengesit word:

- Om aan die ouer riglyne te verskaf ten opsigte van die regulering en hantering van hul emosies asook dié van hul adolessent, met die oog daarop om dit prakties toe te pas in hul daaglikse interaksie.
- Om ouers tot insig te bring dat die adolessent ontwikkelingstake moet bemeester en om die impak daarvan op die ouer-adolessent kommunikasie onder hul aandag te bring.

8.2 Verloop van sessie

8.2.1 Oriëntering

Ter aanvang van hierdie sessie word daar aan die ouer verduidelik dat die hantering van emosies die volgende insluit :

- monitering
- evaluering
- regulering van emosies

Verduidelik dat emosionele selfbewustheid 'n onderbou vir die hantering van emosies is. Eers wanneer 'n persoon se emosies

geïdentifiseer is, is dit moontlik om dit te hanteer. Die hantering van emosies het verantwoordelikheid van keuses tot gevolg.

Deur die bewustheid van emosies en die hantering daarvan, word adolessente geleer om vir hulself te dink in plaas daarvan dat daar aan hulle voorgesê word. Vandaar die mening dat die ouer as fasiliteerder moet optree vir die adolessent se denke en probleemoplossingsvaardighede.

Noem dat persone wat ekspressie van emosies monitor, daartoe neig om meer ingesteld te wees op ander se gedrag en reaksies. Dit is met ander woorde moontlik om nie-verbale kommunikasievaardighede toe te pas. Hierdie vermoë stel die persoon in staat om sosiaal aanvaarbaar op te tree.

Indien die ouer gemoedstoestande kan identifiseer, kan hy daarby ook kommunikasie fasiliteer. Almal beskik egter nie oor dieselfde vermoëns om emosies te verstaan en tot die uitdrukking daarvan te kom nie. Hierdie verskille kan verduidelik word aan die hand van onderliggende vaardighede wat nodig is om emosies te verstaan en tot uitdrukking daarvan te kan kom. Hierdie vaardighede is ook bydraend tot die algemene welstand van die mens.

8.2.2 Eksposisie

Verduidelik aan die ouers dat elke persoon sekere lewensfases (met gepaardgaande ontwikkelingstake) gedurende die menslike ontwikkeling beleef. Gedurende dié lewensprosesse doen elke

persoon lewenservaring op en leer die persoon vaardighede wat hom met die aanpassing by die omgewing help.

Die bewus wees van eie en ander se emosies en die kommunikasie van hierdie emosies is daarop gerig om die adolessent suksesvol te help aanpas en te funksioneer in 'n snel veranderende sosiale omgewing.

Wanneer 'n persoon ontwikkelingstake met emosionele vaardighede benader, sal hy 'n voordeel hê om probleme op te los en om suksesvol aangepas te wees. Sodanige individue sal meer kreatief en aanpasbaar wees en vinniger 'n alternatief ter oplossing van die probleem bereik.

- **Liggaamlike ontwikkelingsniveau:**
Die uitdrukkings van emosies geskied deur middel van gesigs- en liggaamsuitdrukkings. Die opwelling van emosies het ook 'n biologiese komponent wat byvoorbeeld trane veroorsaak, hartklop versnel, ensovoort.
- **Kognitiewe ontwikkelingsniveau:**
Aspekte soos intelligensie, denke, kreatiwiteit en probleemoplossingsvaardighede word hieronder geklassifiseer. 'n Verband tussen emosies en kognisie bestaan. Denke kan gevoelens opwek en gevoelens kan sekere denke stimuleer.
- **Sosiale ontwikkelingsniveau:**
Met verwysing na interpersoonlike kontak word emosie in die meeste gevalle binne 'n sosiale situasie veroorsaak. Die adolessent tree dus op ooreenkomstig gebeure binne die sosiale milieu.

- **Affektiewe ontwikkelingsniveau:**
Die emosionele ontwikkeling van die adolessent volg as gevolg van hormonale veranderings en groot fisiese veranderings 'n onstabiele en onvoorspelbare roete.
- **Normatiewe ontwikkelingsniveau:**
Die adolessent ervaar godsdiens op 'n diep emosionele vlak en laat hom deur sy gevoel oorweldig word. Die adolessent sal opstandig raak indien sy emosionele behoeftes nie aangespreek word nie. Hy sal byvoorbeeld gevestigde gebruike veroordeel en bevraagteken.

8.2.3 Funksionalisering

Ter afsuiting van die werkswinkel kan die volgende verwerkte vraelys van Elias et al. (1999:18-20) in die groep bespreek word. Hierdie vraelys word ingesluit om vas te stel in hoe 'n mate die ouer die vaardigheid ten opsigte van die kommunikasie van emosies verwerklik het.

Bylaag E

1. *Hoe bewus is ek van my eie emosies?*
Hoe bewus is ek van my gesin se emosies?
Dink nou terug aan 'n onlangse probleem in die gesin, hoe het jy gevoel? En hoe het die ander partye wat betrokke was in die probleemsituasie gevoel?

2. *Hoeveel empatie toon jy teenoor ander?*
Wys jy jou empatie aan die ander?
Wanneer laas het jy jou empatie gewys aan ander?
Is jy seker hulle is bewus van hoe jy voel en dat jy jou gevoelens probeer kommunikeer?
Is jy daartoe in staat om 'n ander se standpunt in te sien tydens 'n argument?

3. *Hoe hanteer jy aggressie, angs of stres?*
Kan jy selfbeheer toepas as jy onder stres is?
Hoe tree jy op na 'n moeilike dag?
Hoe dikwels skree jy op ander?
Wanneer is jou af-dae en hoe hanteer jy dit?
Hoe dikwels beleef jy hierdie af-dae?

4. *Watter doelwitte het ek vir my en my gesin?*
Watter strategieë gaan ek toepas om my doelwitte te bereik?
Hoe vinnig gee jy moed op?

5. *Hoe hanteer jy probleemsituasies?*
Hoe hanteer jy problematiese alledaagse interpersoonlike verhoudings?
Luister jy werklik na wat die ander party vir jou sê?
Luister jy reflektief na ander?
Gee jy terugvoer aan ander in 'n gesprek of argument?
Oorweeg jy alternatiewe voordat jy 'n besluit neem om op te tree?

Die volgende vrae word deur die ouer bespreek ten opsigte van die adolessent se vermoë om sy emosies te kommunikeer.

Bylaag F

1. ***Hoe goed kan jou adolessent sy of haar gevoelens verwoord?***
Indien jy die adolessent vra hoe hy voel, beantwoord hy jou met 'n beskrywende woord vir sy gevoelens of verduidelik hy aan jou wat gebeur het?
Is jou adolessent daartoe in staat om gevoelens in ander te identifiseer?

2. ***Hoe wys jou adolessent sy empatie teenoor ander?***
Wanneer was die laaste keer toe jou adolessent met 'n ander se gevoelens geïdentifiseer het?
Kan jou adolessent 'n ander se perspektief insien?
Kan jou adolessent beide kante van 'n argument insien?
Is jou adolessent in staat om bogenoemde vaardighede in 'n konfliktsituasie toepas?

3. ***Kan jou adolessent sy beurt afwag veral as dit kom by items wat hy of sy graag wil hê, byvoorbeeld 'n paar skoene vir die sokkie van Vrydagaand?***
Hoe goed is jou adolessent se frustrasietoleransie?
Hoe kommunikeer jou adolessent sy of haar negatiewe gevoelens en aggressie?

4. ***Watter doelwitte het jou adolessent vir hom-of haarself?***
Watter doelwitte wil ek hê my adolessent moet vir homself koester?
Beplan jou adolessent enigsins voor hy of sy iets doen?
Help ek my adolessent beplan om 'n doelwit te bereik?

8.2.4 Samevattend

Samevattend blyk dit dat die volgende vaardighede nodig is vir die bewus wees van eie emosies en dié van ander, asook die sosiaal aanvaarbare kommunikasie daarvan.

- om effektief te kommunikeer vereis die vermoë om effektief te luister (luistervaardighede sluit in die boodskap wat oorgedra word deur verbale en nie-verbale kommunikasie)
- die individu moet daartoe in staat wees om beurte te maak tydens die kommunikasieproses
- om gevoelens te harmonieer
- om op te offer
- om konsensus te bereik
- om eie gevoelens duidelik uit te druk sonder 'n aanvallende en beskuldigende benadering tot die ander party
- om effektiewe besluite te neem en alternatiewe oplossings te beding
- selfbeheer toe te pas ten opsigte van impulse wat in 'n gegewe situasie ontstaan
- om emosies aan te pas by die situasie
- doelgeoriënteerdheid (erken daardeur die impak van hoop en optimisme)
- bewustheid van *afdae* (selfbeheer en doelgerigtheid word daardeur beïnvloed, asook die bewustheid van eie en ander se emosies)
- om self-reflektief te wees, met ander woorde om strategieë te reguleer en aan te pas as dit ontoepaslik of ontoereikend is vir die gegewe situasie.

9. WERKWYSE

Vervolgens word die verloop van die program uiteengesit:

09 : 00 - 10 : 00	Verwelkoming en bekendstelling
10 : 00 - 11 : 00	Emosies: "Wat is dit en wat maak ek daarmee?"
11 : 00 - 11 : 30	Tee en verversings
12 : 00 - 13 : 00	Kommunikasievaardighede en emosies
13 : 00 - 14 : 00	Middagete
14 : 00 - 15 : 00	Emosionele intelligensie
15 : 00 - 15 : 30	Ontwikkelingstake
15 : 30 - 16 : 00	Ope gesprek

10. SAMEVATTEND

In hierdie hoofstuk is die program ontwerp en uiteengesit. In die volgende hoofstuk word die empiriese navorsing geïmplementeer en uiteengesit.

HOOFSTUK 5

EMPIRIESE NAVORSING

1. INLEIDING

In hierdie hoofstuk word die empiriese navorsing uiteengesit en verduidelik. Vir die doel van die navorsingstudie word slegs proefpersoon 1 volledig uiteengesit en verduidelik, maar word daar telkens na die ander proefpersone verwys. Die verduideliking van die navorsingsuitkomst geskied vir organisatoriese redes, volgens die afdelings.

'n Kort biografiese uiteensetting van die proefpersone word verskaf vir duidelikheid ten opsigte van die agtergrond van die ouers met wie daar gewerk gaan word.

2. BIOGRAFIESE INLIGTING OOR PROEFPERSONE

Vir die doel van die program word slegs die moeders betrek omrede hierdie besondere ouers meer beskikbaar was as die vaders. Tog is die program van so 'n aard ontwerp dat beide die ouers daarby kan baat.

Bogenoemde ouers is ook genader omrede hul spesifieke probleme ondervind met die hantering van hul adolessente, in die besondere met verwysing na die hantering van emosies tussen beide partye.

Vervolgens word biografiese inligting van die ouerpare kortliks uiteengesit.

Proefpersoon 1

Ouderdom:	Proefpersoon 1 :	Eggenoot
	• 46	• 48
Beroep :	• Verpleegster	• Mediese dokter
Kinders :	Geslag :	Ouderdom :
	• Seun	• 21
	• Dogter	• 19
	• Seun	• 15

Proefpersoon 2

Ouderdom :	Proefpersoon 2 :	Eggenoot
	• 50	• 54
Beroep :	• Eie besigheid	• Eie besigheid
Kinders :	Geslag :	Ouderdom :
	• Seun	• 16
	• Seun	• 12

Proefpersoon 3

Ouderdom :	Proefpersoon 3 :	Eggenoot
	• 43	• 43
Beroep :	• Mediese dokter	• Bestuurder van leerlooierij fabriek
Kinders :	Geslag :	Ouderdom :
	• Seun	• 13
	• Seun	• 12

Noudat die biografiese inligting verskaf is sal die program uiteengesit word:

3. VERLOOP EN UITKOMSTE

3.1 Verloop van sessie een

Die ouers wat genader is vir die werkwinkel was almal bereid om dit by te woon. 'n Gunstige tyd wat al die ouers gepas het, was 'n Saterdagoggend.

Sessie een, wat handel oor die bewustheid van eie emosies en dié van ander, het 'n halfuur later 'n aanvang geneem as wat oorspronklik beplan was. Die rede hiervoor was dat een van die ouers laat opgedaag het vir die werkwinkel. Die verwelkoming en bekendstelling het hierna egter vlot verloop.

Proefpersoon 1 was eerste aan die beurt en het haar biografiese inligting verskaf⁶. Haar verwagting was om meer inligting te verkry aangaande die ontwikkelingstake van die adolessent en om riglyne te ontdek aangaande die hantering van die adolessent.

Proefpersoon 2 het meer inligting oor haar gesinsopset verskaf. Sy het genoem dat haar jongste aangeneem is en dat die tweedelaaste in Sonitus skool is vanweë stadige ontwikkeling en 'n meegaande ontoereikende werkstempo. Haar verwagting is om riglyne te ontvang vir die hantering van dié twee kinders wat hul wedersydse verhouding met konflik belaa het.

Proefpersoon 3 het voorts haar biografiese inligting verskaf (soos in hoofstuk 4 genoem). Haar verwagting was om meer kennis op te doen aangaande die emosionele intelligensie en die praktiese implementering daarvan.

Die doelwitte van die werkwinkel is hiernaas duidelik uiteengesit aan die ouers waarna die sessie begin het.

⁶ Hoofstuk 5, afdeling 2

Die ouers het egter effens gesukkel om byvoeglike naamwoorde vir die emosies te kry en moes 'n rukkie onderling redekwawel om tot die beskrywing daarvan te kom. Daar is gevind dat die ouers slegs van die emosies **geluk**, **ongeluk**, **hartseer** en **bly** bewus is. Tydens die soektog na beskrywende woorde vir dié emosies het die ouers genoem dat hulle nie bewus was van al die emosies soos wat dit benoem is nie. Hulle het gemeld dat hulle wel die emosies beleef het, maar dit nooit kon benoem nie.

Die ouers was nie geneë om die emosies te definieer nie. Hulle behoefte was eerder om die emosies te benoem en te beskryf.

Die ouers het bylaag A ingevul. Dit lyk soos volg:

Bylaag A (voltooid)

Emosies	Byvoeglike naamwoorde			
Vreugde	Bly	Verlustig	Trots	Vrolik
	Tevrede			
Aanvaarding	Ontspanne	Verlig	Rustig	Ingenome
Verwagting	Geïnteresseerd	Bewus	Betrokke	Antisiperend
Hartseer	Huilerig	Bedroef	Seergemaak	Pynlik
	Verras			
Geaktiveerd	Energiek	Entoesiasties	Uitbundig	Opgewonde
Woede	Gefrustreerd	Ergerlik	Kwaad	Teleurgesteld
Vrees	Bang	Verskrik	Geskok	

Nadat die ouers bylaag A ingevul het, is hulle gevra om daardie benoemde emosies op hul eie te neem en dit volgens hul eie ervaringswêreld (volgens goeie of slegte belewing daarvan) te tabulleer.

Proefpersoon 1 se uiteensetting daarvan sien soos volg daar uit:

Bylaag B

Goeie gevoelens	Slegte gevoelens
Liefde	Teleurstelling veroorsaak
Gelukkig	Ergelik
Aanvaarding	Geïrriteerd
Entoesiasties	Gespanne
Verlustig	Bang en onseker

Nadat die ouers hierdie opdrag voltooi het, is daar aan hulle gesê dat dit slegs vir hulself was om hulself te vergewis van die gevoelens wat hulle beleef.

Die ouers het gelag en gesê dat dit vir hulle 'n eye opener was om dié opdrag te voltooi.

Die ouers het na afloop van hierdie opdrag baie opgewonde met mekaar begin gesels oor die emosies en die belewing daarvan, en dit was noodsaaklik om die sessie af te sluit en om tee en verversings te bedien.

3.2 Verloop van sessie twee

Na afloop van die pouse is afdeling 2 behandel. Afdeling 2 handel oor die vaardighede wat nodig is vir die kommunikasie van emosies. Daar is aan die ouers verduidelik dat hulle bewus moet wees van die emosies wat teenwoordig is tydens die dialoog wat aan hulle voorgehou gaan word.

Proefpersoon 1 se voltooide bylaag C word voorgehou en sien soos volg daar uit:

Bylaag C (Voltooid).

i) "Jou huiswerk moet onmiddellik gedoen word!"

"Hou op om so te kla."

"Bly stil, ek wil niks weet nie."

"Jy beter jou kamer gaan skoonmaak, anders gaan jy nie vanaand uit nie. Jy moet ophou teëpraat, ek gaan vir jou pa vertel."

Ouer se kommunikasierol:	Kind se beleving daarvan:
Die ouer gee bevel.	Die kind voel opstandig.
Die ouer wil alles onder beheer hê.	Die kind word kwaad.
Die ouer tree rigied op.	Mag tot ongehoorsaamheid lei.
Die ouer sê vir die kind wat om te doen.	Die kind voel hy word nie verstaan nie.

- ii) "‘n Mens maak nie so nie."
 "Dit help nie om te kla nie, doen liewers iets."
 "Ons almal kry swaar, hou maar net uit."

Ouers se kommunikasierol:	Die kind se belewing daarvan:
Die ouer "preek".	Die kind hou op praat.
Kom ongevoelig voor.	Die kind ervaar skuldgevoelens.
Die ouer gee 'n kort boodskap van wat die kind moes gedoen het.	Die kind raak hardnekkig om sy eie kant te verdedig.
Die ouer toon onbegrip.	Die kind ervaar onbegrip.

- iii) “Nee, jy maak nou verkeerd. Maak eerder soos ek sê.”
 “Waarom nooit jy nie ‘n vriend oor nie?”
 “Ek sou eerder die saak met die onderwyser bespreek, as om so arrogant op te tree.”

Ouers se kommunikasierol:	Die kind se belewing daarvan:
Ek-weet-alles houding.	Die kind voel of sy gevoelens misken word.
Die ouer tree té oorheersend op.	Die kind voel of hy ‘n onvermoë het om sy eie probleme op te los.
Ouer wil wys dat hy die antwoorde ken.	Kind ervaar ‘n onvermoë.
Die ouer verskaf die heeldyd raad en advies.	Lei tot afhanklikheid.

- iv) "Jy behoort darem van beter te weet."
 "Hoe kan jy so selfsugtig wees?"
 "Jy is die groot moeilikheidmaker in die huis."

Ouers se kommunikasierol:	Die kind se belewing daarvan:
Die ouer oordeel.	Die kind voel dat hy niks kan doen nie.
Die ouer is negatief.	Die kind voel minderwaardig
Die ouer is altyd reg en die kind altyd verkeerd.	Die kind kan 'n swak selfkonsep ontwikkel.
Eensydige kommunikasie.	Verhoudingsprobleme mag ontstaan.

- v) "Jy is onnosel verby!"
 "Sies, dis darem lelik."
 "Reg, ou slim-Jan."

Ouers se kommunikasierol:	Die kind se belewing daarvan:
Die ouer tree krities op.	Die kind voel seergemaak.
Die ouer maak die kind skaam.	Die kind se eie waarde is laag.
Die ouer sê die kind sleg.	Die kind begin self só kommunikeer.
Die ouer wil die een wees wat reg is.	Die kind voel onwelkom.

- vi) “ Jy is net te lui om jou huiswerk te doen, daarom sê jy jy is moeg.”
 “ Jy voel net ‘n bietjie hartseer omdat jy nie eerste span krieket gehaal het nie.”

Ouers se kommunikasierol:	Die kind se belewing daarvan:
Die ouer verduidelik alles.	Die kind voel bedreig.
Die ouer ontleed die situasie.	Die kind voel ontmasker.
Die ouer neem ‘n streng standpunt in.	Die kind voel gefrustreerd omdat hy dalk nie saamstem nie.
Die ouer wil alle besonderhede hoor.	Die kind verhoed verdere kommunikasie.

- vii) "Wie het eerste geslaan?"
"Hoekom hou jy nie van die onderwyser nie?"
"Wat het jy toe gesê?"

Ouers se kommunikasierol:	Die kind se beleving daarvan:
Die ouer ondervra.	Die kind voel skuldig.
Die ouer stel ondersoek in.	Die kind word uitgelok om soms leuens te vertel.
Die situasie loop soms op kruisverhoor uit.	Die kind begin die ouers se vrae wantrou.
Die ouer tree soms beskuldigend op.	Die kind voel of hulle hom met agterdog bejeen.

Daar is gevind dat die uiteensetting soos dit hierbo voorkom, te lank is en die ouers die draad van die boodskap verloor. Die ouers het egter genoem dat hulle volkome met die voorbeelde soos wat die genoem is kan identifiseer en hulle wou weet wat om daarmee te maak.

Vervolgens was die verduideliking soos in hoofstuk 4⁷ aan hulle voorgehou. Hulle het genoem dat hulle wel kan verstaan waarom adolessente soos in die voorgegewe jy – boodskappe gereageer het.

⁷ Hoofstuk 4, afdeling 7.3.2

Die ouers het dit moeilik gevind om ek-boodskappe te formuleer en daar was nie genoegsame voorbereide oefengeleenthede daarvoor nie.

Proefpersoon 1 se voltooide opdrag aangaande die ek-boodskappe sien soos volg daar uit:

Bylaag D (Voltooid)

Situasie	In plaas van die volgende te sê:	Sê eerder:
Jou tienerdogter laat jou 'n halfuur lank wag voordat sy opdaag.	"Jy is altyd laat! Wanneer gaan jy ooit leer om betyds te wees?"	<i>Wanneer jy laat is voel ek onrustig omdat ek nie weet wat met jou kan gebeur nie.</i>
Jou tienerjarige seun kyk TV in plaas daarvan om sy huiswerk te doen.	"Ek gaan hierdie TV nog stukkend gooi. Dink jy jy gaan standerd 7 deur kom met 'n TV onder die arm?"	<i>Wanneer jy die heelyd TV kyk, voel ek bekommerd oor jou prestasie. omdat ek weet goeie prestasie verg harde werk</i>

Empatie is vervolgens uiteengesit en daar is aan die ouers verduidelik dat hulle hul adolessente moet verstaan en bewus behoort te wees van eie en ander se emosies om die vaardigheid te implementeer. Die ouers se aandag het begin dwaal en middagete is bedien. Daar is besluit om Bylaag E in 'n latere opvolggeleentheid te implementeer.

3.3 Verloop van sessie drie

Vervolgens is die ontwikkelingstake behandel en soos volg opsommend aan die ouers voorgehou:

Fisiese ontwikkelingsniveau

Adolescent se taak:

- Leer die liggaam ken.
- Gesonde siening aangaande die seksuele.
- Persoonlike higiëne aanleer en toepas.

Ouers se taak:

- Moet nie spot nie.
- Differensieër fisiese take.
- Neem PMS in ag.
- Weet dat uiterlike voorkoms vir die adolescent belangrik is.

Affektiewe ontwikkelingsniveau

- Bied geleentheid vir fisiese aktiwiteite om van opgekropte emosies ontslae te raak.
- Verbalisering van emosies moet aangeleer word.
- Moet geleentheid hê om tranes te stort.

- Moet nie aggressie met aggressie beantwoord nie.
- Laat toe dat gemoedere eers afkoel voordat adolescent aangespreek word.
- Erken strewe na outonomie en vrye keuses.

Kognitiewe ontwikkelings niveau

- Die leer van gevolge van optrede.
- Leer om outonoom en krities op te dink.
- Aanleer van eie verantwoordelikheid.
- Moet nie voorskriftelik wees nie.
- Laat toe dat adolessente hul eie standpunte verdedig.
- Sosiale interaksie is belangrik.

Sosiale ontwikkelings niveau

- Volwasse verhouding met portuurgroep.
- Moet ook sonder portuur groep funksioneer.
- Aanleer van sosiaal verantwoordelike gedrag.
- Bied geleentheid vir adolessent om deel te wees van portuur groep.
- Adolessent moet eie individualiteit behou.
- Bied geleentheid vir sosiaal verantwoordelike gedrag van adolessent.

Normatiewe ontwikkelings niveau

- Geslagsrol identifikasie.
- Eie waardesisteem.
- Leef waardes en norme uit.
- Bied praktiese riglyne vir die uitlewing van waardes en norme.

Die ouers het met konsentrasie geluister na die inligting wat aan hulle verskaf is, maar na afloop van hierdie sessie was hulle al baie moeg. Daarom is daar besluit om die Bylaag F en G by 'n latere ontmoetings geleentheid te implementeer.

Ter afsluiting van die werkswinkel is die vaardighede wat nodig is vir die kommunikasie van emosies soos volg aan die ouers voorgehou:

- Om effektief te kommunikeer, vereis die vermoë om effektief te luister.
Luistervaardighede sluit in die boodskap wat oorgedra word deur verbale en nie-verbale kommunikasie.
- Daarby moet die individu daartoe in staat wees om beurte te maak tydens die kommunikasieproses,
- Om gevoelens te harmonieer,
- Om op te offer,
- Om konsensus te bereik,
- Om eie gevoelens duidelik uit te druk (sonder 'n aanvallende en beskuldigende benadering tot die ander party).
- Die vermoë om effektiewe besluite te neem en om alternatiewe oplossings te beding.
- Selfbeheer ten op sigte van impulse wat in 'n gegewe situasie ontstaan,
- Die vermoë om emosies by die situasie aan te pas,
- Doelgeoriënteerdheid. (Erken daardeur die impak van hoop en optimisme),
- Bewustheid van jou *af* dae. (Selfbeheer en doelgerigtheid word daardeur beïnvloed, só ook die bewustheid van eie en ander se emosies).
- Om self-reflektief te wees, met ander woorde om strategieë te en aan te pas as dit ontoepaslik of ontoereikend vir die gegewe situasie blyk te wees.

Hierdie werkswinkel is afgesluit deur die geleentheid te gebied vir ope gesprek. Die inligting is met die ouers bespreek. Die ouers was egter oorweldig met al die inligting en het nie verder deelgeneem aan die gebeure nie. Die sessie is verdaag met die oog daarop om tydens 'n opvolggeleentheid die onvoltooide Bylae in te vorder.

3.4 OPVOLGGELEENTHEID

Na 'n tydperk van twee weke is die ouers afsonderlik genooi om die volgende bylae te voltooi. 'n Tydperk van twee weke is gekies met die doel dat die ouers eers die inligting moet internaliseer en toepas. Proefpersoon 1 se uitkomst blyk soos volg:

Bylaag E is aan die ouers verskaf met die doel om ouers te begelei met die oog om bewus te wees van eie emosies. Die vraelys is oorspronklik by die werkwinkel ingesluit as oriënteringsmedia ten einde die ouers bewus te maak van hul onbewustheid van hul emosies. Die uitkomst was anders as wat verwag is, aangesien die ouers reeds op die stadium kennis gedra het van emosionele bewustheid.

Vervolgens die uitkomst van proefpersoon 1

Bylaag E (Voltooid)

Hoe bewus is ek van my eie emosies?

Ek dink ek erken en aanvaar my emosies en is bewus daarvan.

Hoe bewus is ek van my gesin se emosies?

Ook redelik goed (tensy hulle dit soms doelbewus wegsteek).

Dink nou terug aan 'n onlangse probleem in die gesin. Hoe het jy gevoel? En hoe het die ander partye betrokke in die probleemsituasie gevoel?

Hulle raak gefrustreerd as ons nie bevredigende antwoorde kry nie. Nadat die probleem opgelos is, was ons kommunikasie oop.

Hoeveel empatie toon jy teenoor ander?

Ek dink genoeg.

Wys jy jou empatie aan die ander?

Ja.

Wanneer laas het jy jou empatie aan ander gewys?

Vandag.

Is jy seker hulle is bewus van hoe jy voel en dat jy jou gevoelens probeer kommunikeer?

Ja.

Is jy daartoe in staat om 'n ander se standpunt in te sien tydens 'n argument?

Ja.

Hoe hanteer jy aggressie, angs of stres?

Ek probeer kalm bly en dink dan 'n plan uit. Soms ontplof ek.

Kan jy selfbeheer toepas as jy onder stres is?

Ja.

Hoe tree jy op na 'n moeilike dag?

Ek sê ek is baie moeg. Kom ons maak roereiers en roosterbrood vir aandete en bad dan lekker.

Hoe dikwels skree jy op ander?

Ek sal onder erge stres skree, maar nie dikwels nie.

Wanneer is jou af-dae en hoe hanteer jy dit?

Voor ek menstrueer. Ek onttrek my bietjie Ek lees of gaan 'n bietjie weg.

Hoe dikwels beleef jy hierdie af-dae?

Elke tweede maand vir 'n paar dae.

Watter doelwitte het ek vir my en my gesin?

Ek wil graag hê dat my kinders goed gebalanseerde, wel-aangepaste, emosioneel-volwasse en ekonomies onafhanklik moet wees. Ook dat hulle gelowige Christene sal wees wat vir ander omgee en hulle respekteer. Ek wil hê dat hulle hul talente sal ontwikkel en verantwoordelik sal lewe.

Watter strategieë gaan jy toepas om jou doelwitte te bereik?

Ek begelei hulle en praat met hulle, stel 'n voorbeeld en vermaan hulle.

Hoe vinnig gee jy moed op?

Ek gee nie maklik moed op nie. My ouma het my geleer “ waar 'n wil is, is 'n weg.”

Hoe hanteer jy probleemsituasies?

Ek evalueer dit eers. Ek kyk na my opsies en oorweeg dan die beste.

Hoe hanteer jy problematiese alledaagse interpersoonlike verhoudings?

Ons praat dit uit – of skaal af – kry 'n bietjie afstand.

Luister jy werklik na wat die ander party vir jou sê?

Ek probeer, maar soms is ek heeltemal gepreokkupeerd of te besig.

Luister jy reflektief na ander?

Ja.

Gee jy terugvoer aan ander tydens 'n gesprek of argument?

Ja.

Oorweeg jy alternatiewe voordat jy 'n besluit neem om op te tree?

Ja, maar soms onder druk sal ek nie mooi dink nie.

Bylaag F (Voltooid)

Die volgende vraelys is aan die ouers verskaf. Die doel was om die ouers bewus te maak van die adolessent se vermoë om sy emosies te kommunikeer. Die ouers was na afloop van die internaliseringsweek meer bewus van die vaardighede vir die kommunikasie van emosies. Die uitkomst blyk soos volg:

Hoe goed kan jou adolessent sy of haar gevoelens verwoord?

Hy weet wat hy voel.

Indien jy die adolessent vra hoe hy voel, beantwoord hy/sy jou met 'n beskrywende woord vir sy/haar gevoelens of verduidelik hy/sy aan jou wat gebeur het?

Hy/sy gebruik beskrywende woorde.

Is jou adolessent daartoe in staat om gevoelens in ander te identifiseer?

Ja.

Hoe wys jou adolessent sy empatie teenoor ander?

Hy sal beskermend optree en insig toon in ander se gevoelens.

Wanneer was die laaste keer dat jou adolessent met 'n ander se gevoelens geïdentifiseer het?

Vandag.

Kan jou adolessent ander se perspektief insien?

Nogal, as hy nie té kwaad is nie.

Kan jou adolessent beide kante van 'n argument insien?

Ja, as hy nie kwaad is nie.

Is jou adolessent in staat om bogenoemde vaardighede in 'n konfliktsituasie toe te pas?

Nie altyd nie.

Kan jou adolessent sy beurt af wag veral as dit kom by items wat sy graag wil hê, byvoorbeeld 'n paar skoene vir die sokkie van Vrydagaand?

Al stryende, ja.

Hoe goed is jou adolessent se frustrasie toleransie?

Goed, dit is al beter.

Hoe kommunikeer jou adolessent sy negatiewe gevoelens en aggressie?

Hy sê dit prontuit. Teken beswaar aan.

Watter doelwitte het jou adolessent vir homself?

Hy wil deur sy maats aanvaar word. Hy wil inpas by sy skool. Hy wil modern wees. Hy wil onafhanklik en suksesvol wees. Hy wil eendag Universiteit toe gaan.

Watter doelwitte wil ek hê moet my adolessent vir homself koester?

Hy moet volledig sy talente ontwikkel en gelukkig wees.

Beplan jou adolessent enigsins voor hy iets doen?

Ja, tot 'n mate. Maar beplan nie genoeg *detail* nie. Hy stel te lank uit.

Help ek my adolessent beplan om 'n doelwit te bereik?

Ek probeer, maar hy het 'n baie sterk wil om huidiglik onafhanklik te wees. Ek mag help as hy my vra.

Hoe hanteer jou adolessent konflik?

As dit sy ouers is, probeer hy vrede maak. Meestal vermy hy konflik. As hy 'n sterk saak het, staan hy op sy voete. Hy praat mens dikwels dood of stap uit en gaan lê op sy bed. Soms skop hy die deur of breek iets.

In hoe 'n mate is jou adolessent daartoe in staat om konflik te hanteer?

Hy het goeie sosiale vaardighede en kan ook selfgeldend optree. Hy vorder goed.

Beskik jou adolessent oor luistervaardighede of ignoreer hy bloot die ander party?

Aanvanklik hou hy hom doof. As 'n mens aandring, luister hy. Hy verras my dikwels met sy observasies en opsomming wanneer hy 'n toeskouer is. Wanneer hy nie direk geraak word nie.

5 TEN SLOTTE

In hierdie hoofstuk is die navorsingsuitkomsteweergegee. Daar is gepoog om die werkwyse, afwykings en uitkomstete verduidelik. In die volgende hoofstuk word die samevatting en aanbevelings uiteengesit.

HOOFSTUK 6

SAMEVATTING EN BEVINDINGS

1. INLEIDING

In hierdie hoofstuk word 'n kort samevatting van die bevindings uit die navorsingsondersoek gegee. Leemtes in die studie word uitgelig en aanbevelings word ten opsigte van die program gemaak.

2. BEVINDINGS VANUIT DIE LITERATUURSTUDIE

Vanuit die literatuurstudie in hoofstukke 2 en 3 is gevind dat daar binne die opvoedingsverhoudinge, lewensvaardighede aan die adolessent voorgehou word.

Hierdie lewensvaardighede is funksioneel van aard in die sin dat die ouer deur middel daarvan die adolessent wil begelei tot sosiaal verantwoordelike gedrag. Die adolessent behoort dus bevoeg te wees om suksesvol in die snel transformerende samelewing aan te pas en effektief te funksioneer.

2.1 Ouerskap en vaardighede

In die literatuurstudie wat gedoen is in hoofstuk 2⁸ is daar gevind dat die term *vaardigheid* die volgende insluit: bedrewendheid, die vermoë om kennis effektief te implementeer en die konsep dat vaardighede die aangeleerde bemagtiging is om 'n taak met bevoegdheid uit te voer.

Daar is dus gevind dat die ouer met vaardighede toegerus kan word om hom/haar sodoende te bemagtig om sy/haar taak (begeleiding van die adolessent) met bevoegdheid uit te voer.

Verder is daar gevind dat empatiese ouerskap volgens Damon (1995:171-175) soos in hoofstuk 2⁹ bespreek en die warm demokratiese opvoedingstyl volgens Pretorius (1992:23-51), mekaar komplementeer.

Beide hou die volgende in. 'n Toereikende: ek-jy verhouding, kommunikasie, sosialisering, selfaktualisering en behoeftevervulling.

Daar is gevind dat sosialisering en kommunikasie in diens staan van ouerskap en opvoeding. Oorbrugging van die kommunikasiegaping is as pedagogiese gesinstaak bevind. Dit is ook slegs deur middel van kommunikasie met die medemens dat 'n persoon selfaktualisering kan bereik, sy sosiaal kommunikatiewe moontlikhede kan verwerklik en 'n selfkonsep kan vorm.

Daar is dus gevind dat kommunikasie 'n belangrike essensie blyk te wees tydens die opvoedingsaangeleentheid.

⁸ Vergelyk hoofstuk 2, afdeling 2.

⁹ Vergelyk hoofstuk 2, afdeling 3.

2.2 Lewensvaardighede

Daar is gevind dat lewensvaardighede 'n omvattende begrip is. Lewensvaardighede kan geïnkorporeer word in die holistiese ontvouing van die mens in totaliteit. Hierdie vaardighede is bevorderlik vir die individu se welstand. Dit verwys na die gedrag-gebaseerde leerwording wat nodig is om voorspelbare ontwikkelingsstake te bemeester. Kommunikasie is as subveld van lewensvaardighede geïdentifiseer en dit dien ook as verbindings-essensie tussen lewensvaardighede en emosionele intelligensie.

2.3 Kommunikasie

Kommunikasie as subveld van lewensvaardighede is in hoofstuk 2¹⁰ breedweg uiteengesit. Daar is gevind dat outentieke kommunikasie slegs plaasvind indien die ontvanger van die boodskap dit interpreteer ooreenkomstig die wyse waarop die afsender daarvan dit bedoel het. Kommunikasie geskied inter-en intrapersoonlik. Tydens intermenslike kommunikasie is sowel verbale en nie-verbale kommunikatiewe boodskappe van belang. Daar is gevind dat die mens self met al sy individuele gewoontes by alle vorme van kommunikasie betrokke is.

Emosies word ook selde verwoord. Woorde verwoord denke en nie-verbale kommunikasie verwoord gevoelens. Om emosies korrek te identifiseer en te benoem, benodig 'n persoon inter-en intrapersoonlike kommunikasievaardighede.

¹⁰ Vergelyk hoofstuk 2, afdeling 4.1

Daar is ook gevind dat die konflik tussen ouer en adolessent eerder toegeskryf kan word aan kommunikasiegapings, as aan generasiegapings. Outentieke kommunikasie bring die volgende tussen ouer en adolessent mee:

- respek
- koöperatiewe gedrag tussen ouer en adolessent (wat sosiale verantwoordelikheid tot gevolg het)
- die adolessent beleef vryheid
- die adolessent beleef dat hy as gelyke behandel word

Kommunikasie is dus 'n belangrike komponent in intermenslike verhoudings.

2.4 Emosies

Emosies ontstaan as reaksie op gebeurtenisse. Dit veronderstel beplanning en 'n gereedheid om oor te gaan tot handeling. Emosie blyk oor 'n eiesoortige kognitiewe staat te beskik wat met liggaamlike veranderings,- uitdrukkings en-aksies gepaardgaan. Die emosie dien as 'n evalueringstelsel vir die individu. Indien 'n persoon nie oor 'n geskikte evalueringstelsel beskik om die reaksies te evalueer nie, mag stormagtige jare tydens adolessensie verwag word. Indien 'n situasie verkeerd opgesom word, mag inter- en intrapersonlike problematiek ontstaan.

Emosionele intelligensie omskryf die emosionele vaardighede wat nodig blyk te wees vir suksesvolle interpretering van gebeurtenisse.

2.5 Emosionele intelligensie

Emosionele intelligensie word in hoofstuk 2¹¹ in die besonder bespreek. Emosionele intelligensie blyk uit die volgende te bestaan:

- selfbewustheid
- hantering van emosies
- vermoë om empatie te toon

Emosionele intelligensie is die akkurate identifisering en uitdrukking van eie en ander se emosies (met ander woorde die kommunikasie daarvan), die regulering en implementering van daardie emosies op 'n sosiaal aanvaarbare manier. Emosionele intelligensie veronderstel kwaliteite wat bydraend is tot die sosiale aanpasbaarheid en sukses in die sosiale situasie.

Verder is daar gevind dat emosionele intelligensie minder geneties bepalend is as die kognitiewe intelligensie kwosient, wat impliseer dat adolessente en hul ouers met vaardighede toegerus kan word om sosiaal suksesvol te kan funksioneer.

2.6 Ontwikkelingstake en emosionele intelligensie

Tydens die ontwikkelingsfase van adolessensie geskied daar vele veranderinge op elke funksioneringsdomein, onder meer emosioneel, kognitief, sosiaal, liggaamlik en normatief.

¹¹ Vergelyk hoofstuk 2, afdeling 5.2

Hierdie veranderinge verg aanpassing van beide die ouer en adolessent. Deur ouer en adolessent toe te rus met vaardighede om die veranderinge te hanteer, kan die ouer-adolessent verhouding moontlik gesteun word.

In hoofstuk 2 is daar verbande gelê tussen die ontwikkelingstake van die adolessent en die emosionele intelligensievaardighede. Daar is gevind dat indien die adolessent die ontwikkelingstake in samehang met verskeie vaardighede soos die kommunikasie van emosies hanteer, hy/sy 'n voordeel sal hê om probleme op te los en om suksesvol aangepas te wees.

Die ontwikkelingstake van die adolessent word breedvoerig in hoofstuk 3 uiteengesit. Die ouer is bewus gemaak van die ontwikkelingstake van die adolessent. Ontwikkelingstake is 'n ontisiteit. Die suksesvolle afhandeling van een ontwikkelingsfase is 'n voorwaarde vir die suksesvolle afhandeling van die volgende.

3. BEVINDINGS VANUIT DIE EMPIRIESE ONDERSOEK

Alvorens die uitkomst as sulks bespreek word, gaan die hipotese weer gestel word, ten einde te toets of die doelwitte wat in hoofstuk 1 gestel is, bereik is.

3.1 Hipotese

Die hipotese word in drie afdelings omskryf en sien soos volg daar uit:

3.1.1 Hipotese een

Die gesin is 'n leerskool vir die hantering en regulering van emosies. Die gesin is 'n veilige omgewing waarbinne daar geëksploreer kan word met emosies.

3.1.2 Hipotese twee

Kommunikasie van emosies is 'n aangeleerde vaardigheid. Die aanleer van vaardighede bemagtig die persoon om 'n betekenisvolle lewe te lei.

3.1.3 Hipotese drie

Kommunikasie van emosies is 'n bydraende faktor tot sosiaal aanvaarbare gedrag by die adolessent. Kommunikasie van emosies dra by tot sosiale aanpasbaarheid en sukses in sosiale situasies.

3.2 Bevindings vanuit die hipotese

- Hipotese een¹² word aanvaar op grond van die volgende: Die teorie bewys dat opvoeding primêr 'n persoonlike verhoudingsaangeleentheid is, wat konkreet gestalte kry langs gevoelsmatige en verstandelike weë. Die kind is ook aangewese op opvoeding. Sosialisering en kommunikasie staan in diens van ouerskap en opvoeding.

¹²Vergelyk hoofstuk 6, afdeling 3.1.1

Die navorser se empiriese bevinding is dat die gesin uiteraard as model kan dien vir die hantering van emosies. In hierdie sin is bevind dat indien die ouer bemagtig word om sy emosies te hanteer, die adolessent gevolglik ook sy emosies dienooreenkomstig sal kan hanteer.

- Hipotese twee¹³ verwys daarna dat die kommunikasie van emosies 'n aangeleerde vaardigheid is. Hierdie hipotese word aanvaar op grond van die navorser se bevinding dat vaardighede keuses inhou op grond van aangeleerde kennis. Sodra 'n vaardigheid aangeleer word, kan keuses uitgeoefen word, wat tot meer effektiewe kommunikasie lei. Aanvanklik is bevind dat die ouers oor 'n beperkte emosionele woordeskat beskik het en oorwegend jy-boodskappe¹⁴ geënkodeer het. Na afloop van die program, tydens die opvolggeleentheid, was die ouers se terugvoer aan die navorser dat hul verhouding met hul adolessente met groter begrip begin verloop het.
- Hipotese drie¹⁵ word aanvaar op grond van die volgende: Kommunikasie van emosies is bydraend tot sosiale aanpasbaarheid en sukses in sosiale situasies. In hierdie opsig het die navorser bevind dat selfs die verhouding tussen onderwyser en adolessent merkbare tekens van verbetering begin toon het. Die ouers het ook gemeld dat

¹³ Vergelyk hoofstuk 6, afdeling 3.1.2

¹⁴ Vergelyk hoofstuk 4, afdeling 7.3.2

¹⁵ Vergelyk hoofstuk 6, afdeling 3.1.3

die adolessent se taakingesteldheid ten opsigte van skolastiese insette ook sporadies begin verbeter het.

- Verder is daar bevind dat daar 'n behoefte aan programme ten opsigte van die kommunikasie van emosies gegrond op emosionele intelligensie bestaan. Hierdie program is ontwerp om die besondere behoefte aan te spreek.
- Omdat die term *emosionele intelligensie* 'n redelike resente term is, is relatiewe min navorsing daaroor beskikbaar (veral vanuit 'n die Opvoedkunde, Sielkunde, Opvoedkundige Sielkundige en Maatskaplike wetenskaplike paradigmas).
- Hierdie program is uiteraard 'n relatief resente benadering wat veranderinge en aanpassing nodig mag hê. Spesifieke problematiese momente wat tydens die implementering van die program ondervind is, blyk die volgende te wees:

4. LEEMTES IN DIE ONDERSOEK

Die volgende leemtes is in die navorsingstudie bevind:

- oneffektiewe tydsbeplanning

Die inhoudelike komponent van die werkswinkel was te omvangryk en sal gereduseer moet word tot die essensiële inhoude van die hoofstukke 2 en 3.

Die opvolggeleentheid van die werkswinkel is aanvanklik nie beplan nie. Die navorser het egter die belang van 'n opvolggeleentheid ingesien as gevolg van 'n tydsbeperking. In samehang hiermee is die doel van die opvolggeleentheid om die funksionalisering van die inhoud te bepaal.

- slegs die moeders was teenwoordig

Opvoedingsaangeleentheid veronderstel die vaderfiguur sowel as die moederfiguur. As gevolg van die onbesikbaarheid van die vaderfigure weens werkslading, was slegs die moeders beskikbaar vir die werkswinkel. Dit is ook die moeders wat hul besig hou met die alledaagse take van die adolessente, byvoorbeeld om hulle rond te ry en te sorg dat hul al die buitemuurse aktiwiteite bywoon.

- leemtes ten opsigte van die visuele voorstellings

'n Beperking bestaan in die visuele voorstelling van die emosie *verwagting*. Die visuele voorstelling is volgens die navorser nie toereikend genoeg nie.

- aanbieding van ontwikkelingstake

Daar is gevind dat die ouers 'n groter behoefte toon na insig ten opsigte van die ontwikkelingstake van die adolessent. Die navorser het bevind dat die ouers min insig toon in die aard en ontwikkeling van die adolessent. Meer tyd en aandag behoort aan die afdeling gespandeer te word.

5. AANBEVELINGS

Hierdie program kan aanbeveel word vir alle volwasennes wat met ouers van adolessente te doen het.

- **Opvoedkunde**
 - Onderwysers van leerders met spesiale onderwysbehoefte
 - Voorligtingsonderwysers
 - Onderwysers in die sekondêre skool

- **Sielkunde**
 - Opvoedkundige Sielkundiges
 - Kliniese Sielkundiges
 - Beroeps Sielkundiges
 - Sielkundiges wat met ouerbegeleiding in die praktyk te doen het

- **Maatskaplike werk**
 - Enige Maatskaplike werker wat in die gesinskonteks praktiseer.

6. SLOT

Die kommunikasie van emosies gebaseer op die emosionele intelligensieteorie is in hierdie studie bespreek ter bemagtiging van ouers van adolessente. Hierdie studie bevat riglyne en aanbevelings wat volgens die navorser dinamies en suksesvol in die praktyk geïmplementeer kan word.

Die navorser is van mening dat bogenoemde riglyne waardevol binne die kontekste van Opvoedkundige Sielkunde, Opvoedkunde, Sielkunde en Maatskaplike werk toegepas kan word. Die hoop word uitgespreek dat die hierdie riglyne die weg sal baan vir verdere navorsing in dié verband.

VERWYSINGSLYS

- BIEHLER, R.F. 1981. *Child Development. An introduction*, 2nd Edition. New York: Houghton Mufflin Company.
- BIGNER, J.J. 1983. *Human Development: A lifespan approach*. London: Collier MacMillan Publishers.
- BOTHA, H. 1985. Kommunikasie: 'n miskende essensie van opvoeding. *Educare*, vol. 14, no. 2, pp. 67 – 77.
- BUCK, R. 1984. *The communication of emotions*. The Guilford Press: New York.
- DAMON, W. 1995. *Greater expectations: Overcoming the culture of indulgence in America's homes and schools*. New York: The Free Press.
- DU TOIT, S.J. en KRUGER, N. 1991. *Die kind: 'n Opvoedkundige perspektief*. Pretoria: Butterworths.
- DUVALL, E.M. en MILLER, B.C. 1985. *Marriage and family development*. New York: Harper & Row.
- ELIAS, M., TOBIAS, S. and FRIEDLANDER, B. 1999. *Emotionally intelligent parenting: How to raise a self-disciplined, responsible, socially skilled child*. London: Hodder and Stoughton.
- FERREIRA, G.V. 1992. *Temas in die psigopedagogiek. Deel 1*. Stellenbosch: Universiteittuitgewers en Boekhandelaars.

- GAZADA, G.M., CHILDERS, W.C. and BROOKS, D.K. 1985. (in press), *Foundations of counselling and human services*. New-York. Mc.Graw – Hill.
- GILLIS, H. 1992. *Counselling the young people*. Johannesburg: Lynn Publications.
- GOLEMAN, D. 1996. *Emotional intelligence: Why it can matter more than IQ*. London: Bloomsbury Publishing Plc.
- HAVIGHURST, R.J. 1972. *Developmental tasks and education*. New York: David McKay Company, Inc.
- HAWES, D.J. 1996. Who knows who best: a program to stimulate parent-teen interaction. *The school counsellor*, November, vol. 44, pp. 115-121.
- HICKS, G. 1988. South-Africa. Institute for psychology and edumetric research. *An investigation into the knowledge and use of parent training in South-Africa*. p. 65.
- HOFFNUNG, R.J. and SEIFERT, K.L. 1987. *Child and adolescent development*. New York: Houton Mufflin Company.
- HURLOCK, E.B. 1978. *Child development*. New York. Mcgraw-Hill.
- JACOBS, L J. en VREY, J.D. 1982. *Selfkonsep, diagnose en terapie. 'n Opvoedkundige-Sielkundige benadering*. Kaap: Nasionale Boekdrukkery.
- JETTOO, P. 1997. *Lifeskills training: Empowering young South- Africans to create their future*. M.Ed. thesis. University of Pretoria.
- KRUGER, N. 1998. *Facilitating lifeskills: Your survival guide*. Johannesburg: The Bureau Print Centre. Cc.

LEO, M. R. 1987. *The effect on communication, conflict reduction and relationship satisfaction of a communication training program for parent-adolescent dyads*. PhD. Fuller Theological Seminary School of Psychology.

LOUW, D.A. 1985. *Menslike ontwikkeling*. 2de Uitgawe. Pretoria: HAUM.

LOUW, D.A. 1998. *Menslike ontwikkeling*. 3de Uitgawe. Pretoria: Kagiso Uitgewers.

LOUW, W.J. 1993. *Classroom Practice*. Pretoria: Academica.

MATZ, C. M. 1994. I can't figure my kid out: providing a workshop for parents of early adolescents. *Schools in the middle*, May, vol. 3, no. 4. pp. 20-24.

MARAIS, D. 1987. Kommunikasie in 'n pedagogiese tematisering. *Koers*, vol. 52, no. 2. pp. 149-166.

MIDDLETON, K.M.S. 1990. *Into adolescence: Communicating emotions*. U.S.A., Santa Cruz: ETR. Associates.

MONTEITH, J.L., LOUW, N. en SCOTT, M. 1988. *Die opvoeding en ontwikkeling van die adolessent*. Pretoria: Academica.

MUSSEN, P.H., CONGER, J.J., KAGAN, J. and HUSTON, A.C. 1984. *Child Development and Personality*. New York: Harper & Row.

NASH, E., HARPER, G. and STOCH, B. 1990. *Human Behavior*. Cape: Juta & Co., Ltd.

NELSON – JONES, R. 1991. *Lifeskills: A Handbook*. Great Britain: Redwood Books.

PAPALIA, D.E. and WENDKOS-OLDS, S. 1981. *Human Development*. 2nd Edition. U.S.A: Mc. Graw – Hill. Inc.

PRETORIUS, J. W.M. 1992. *Opvoedingsgedrag en die psigiese lewe van die kind – 'n Psigopedagogiese analise*. In: *Temas in die Psigopedagogiek*. Deel II. Ferreira, G.V. (red) Pretoria: J.L. Van Schaik.

PRETORIUS, J.W.M. 1994a. *Opvoeding, samelewing, jeug*. Pretoria: J.L. Van Schaik.

PRETORIUS, J.W.M. 1994b. Ontwikkelingsfases van die opvoeding. In *Temas in die psigopedagogiek*. Ferreira. G.V. (red) Stellenbosch: Universiteituitgewers en Boekhandelaars, pp. 105-127.

PRETORIUS, J.W.M. 1998. *Sosioopedagogiek 2000*. Pretoria: J.L. van Schaik uitgewers.

PRINSLOO, E. VORSTER, P.J. SIBOYA, P.P. and MATHUNYANE, L.H. 1996. *Teaching with confidence*. Pretoria: Kagiso Tertiary.

RAATH, J.E.F. 1988. *Enriching communication in families with special reference to parent – adolescent interaction*. M.A. Thesis. University of the Witwatersrand.

ROOS, S.S. 1996. *Ontwikkelingstake van die adolessent en die opvoedingsimplikasies daarvan*. M.Ed. Verhandeling. Universiteit van Pretoria.

SALOVEY, P. and MAYER, J. D. 1990. Imagination, cognition and personality. *Emotional Intelligence*, September, 9. no. 3. pp. 185-211.

SCHINKE, S.P. and GILCHRIST, L.D. 1984. *Lifeskills counselling with adolescents*. Baltimore: University Park Press.

SELTZER, V.C. 1989. *The psychosocial worlds of the adolescent : public and private*. New York: John Wiley & Sons.Inc.

SHAFFER, D.R. 1996. *Developmental Psychology: Childhood and adolescence*. 4th Edition. U.S.A: Brooks/Cole Publishing Company.

SHAPIRO, L. 1998. *How to raise a child with a high E.Q.* London: Harper – Collins.

STEYN, A.F. VAN WYK, D. en LOUW, T. 1989. *Die gesin: Gister en Vandag*. Pretoria: Academica.

STRYDOM, I. 1999. *Emosionele intelligensie in Opvoedkundige perspektief*. M.Ed. Verhandeling. Universiteit van Pretoria.

Universiteit van Pretoria. Akademiese inligtingsdiens. Botha, W.M., du Toit, P.H. 1994. *Riglyne vir die Voorbereiding van Werkstukke*.

VAN AS, C.F. 1997. *Opvoedingsgedrag en die persoonlikheidsontwikkeling van die adolescent*. M.Ed. Verhandeling. Universiteit van Pretoria.

VAN NIEKIERK, M. 1990. Kinder-en-gesinsorg Vereniging. Pretoria: *Ouerverrykingskursus: Verwerking van STEP*.

VAN NIEKERK, P.A. 1986. *Die Opvoedkundige Sielkundige: 'n Handleiding vir die Opvoedkundige Sielkunde*. Stellenbosch: Universiteit Uitgewers en Boekhandelaars.

VAN ROOYEN, L. en Louw, N. 1993. *Geslagsopvoeding: 'n Handleiding vir die opvoeder*. Pretoria: Academica.